


# TYDSKRIF vir letterkunde




Februarie 1968

Nuwe reeks VI : 1

*H. J. Siemman*






Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# tydskrif vir letterkunde



Redakteur: Coenie Rudolph

**Skakelredaksie:**

*J. J. Brits, W. A. de Klerk, André Demedts, B. le Roux,  
Joan Lötter, Koos Meij, Eben Meiring, Z. J. Pretorius,  
P. D. v. d. Walt, M. M. Walters.*

KOPIE vir die tydskrif word gestuur aan:

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.

Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word as medewerkers 'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

KORRESPONDENSIE rakende administrasie, intekengeld, sirkulasie en advertensies word gerig aan:

Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en van die Afrikaanse Persfonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings van die redaksie nie.

# I N H O U D

## *Bladsy*

Prof. A. P. F. L. Engelen	1	
Op besoek by Sangiro	3	
Sangiro aan die woord	6	
Mie-jeanne Moelaert	10	Poging
Uys Krige en Madeleine		
Bibi	12	Vertalings
Jeanne Goosen	15	Die Reënseun ('n Sprokie)
Marié Blomerus	17	5.30 vm.
A. Kloppers	18	Oorsprong
A. S. van Straten	19	Delemmatjies
Hewitt Visser	20	Hoe geweldig is die onsigbare dinge nie
Mada Reinecke	21	70 x 7
Wessel J. Pretorius	23	In die lewe van 'n groef
Joan Retief	24	Oproep
A. J. J. Visser	25	Ontslag na eensame opsluiting
Dirk van Niekerk	26	'n Ander huis
Pieter van Vuuren	30	Radiatoromanse
Sarel Smit	31	Vir Renéé
C. G. S. de Villiers	32	Die Martelaar
Johnnie Verstraete	35	Het schilderij
Vincent v. d. Westhuizen	36	Eienaar
P. H. Roodt	37	Kort siklus
Joan Lötter	38	Oorvaart na Venesië . . .
D. M. Greeff	40	Het nie 'n naam nie
Willem M. Roggeman	42	Majakofski vliegt over het land
Leopold M. van den Brande	45	unchained melody
Francis Gillieron	46	'n Reisbrosjure
Julia Weigel	47	Ek verdrink
Eric Pijnaken	48	Geen gordel
Diana Fourie	50	Nou wag ek
Marlise Joubert	51	Twee gedigte
Andries Alberts	52	Heroriëntasie van ons kritiek II
Stephan Bouwer	61	Twee prosaverse
R. Keet	62	Alleenspraak
Koos Meij	63	1967: drie romans
C. F. Rudolph	71	'n Vlooi in die broek
F. G. E. Nilant	74	Boekbespreking
Ou Grietjie	75	Skyfies
	76	Boeke ontvang

## DIE GEKLEURDE BLADSY VIR U AANDAG

HELP die tydskrif wat op die gekleurde bladsy genoem word.

HOE?

Gee dit vir 'n belangstellende met die dringende versoek om sommer dadelik in te teken.

Die klein gunsie beteken vir die besondere tydskrif baie.  
By voorbaat dank.

Buiteblad: Sangiro (*Foto: Caru*)



DESEMBER 1967

Deur die dood van prof. Engelen in Duitsland, verloor Suid-Afrika een van die grootste kenners van die Westerse dramaliteratuur. Hy was toneelpedagoog, spelleier, speler en teoretikus van ver bo die gemiddelde formaat. Sy skeppende en volgehou invloed op ons jong en nog ontwikkelende toneelwese sal slegs met groot moeite vervang kan word.

Dit is nou net meer as 'n dekade gelede dat die Universiteit van Kaapstad se toneeldepartement hom vir die eerste keer as besoekende regisseur na die Republiek genooi het.

Met eindelose geduld en konsentrasie inisieer hy student, amateur en professionele speler in die geheime van die moderne speekuns. Hy dring op kliniese presiesheid aan; die speler word nie met absurde teoretiese onmoontlikhede opgesaal nie want as speler ken hyself elke tegniese moontlikheid waartoe die stem, liggaam en verbeelding in staat is. Die openingsaand word 'n vreugde vir die speler want die regisseur het die artistieke geloofbaarheid van die opvoering verseker.

So het Shakespeare se *DIE KOOPMAN VAN VENESIË* een van die Kleintheater se suksesopvoerings geword.

'n Jaar of wat later het die Universiteit van Stellenbosch aangekondig dat Fred Engelen as professor en hoof van die toneeldepartement aangestel is; vandag, meer as tien jaar later, is daar deur sy bydrae tot ons toneelontwikkeling reeds bewys dat sy aanstelling 'n wyse en verreikende besluit was.

Met die eikestad as vertrekpunt het prof. Engelen ons teaterdenkwyse radikaal beïnvloed met sy produksies van Shaw se *JOHANNA, SOLDAAT VAN GOD, JUFFROU EDELWATER*, 'n heropvoering van *DIE KOOPMAN VAN VENESIË*, waarin hyself die hoofrol vertolk het, sy groots opgesette opvoering van Goethe se *FAUST* vir die inwyding van die H. B. Thom-teater.

Vir my bly die onvergeetlikste van al sy opvoerings nog Bertolt Brecht se *THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE*. Ek sal hom altyd bly bewonder vir die vermoë om met 'n klompie studente en 'n paar stukkies dekor wondere te verrig.

In die vierde toneel uit hierdie opvoering sit Groesja en Michaël by 'n stroompie water; Simon Sjisjawa keer terug. Deur die jare het ek Fred leer ken as 'n artistieke demon. Die verskriklike teerheid waarmee hy hierdie liefdestoneel by die stroompie vorm gegee het, sal my altyd as een van die onvergeetlikstes bybly miskien was dit juis hierdie dinamiese totaliteit in sy psige wat vir die speler 'n blinde loyaliteit en vertroue in prof. Engelen as regisseur gegee het.

As *TRUK* se toneelbestuurder was dit my voorreg om die organisasie vir sy laaste toneeltriomf waar te neem. 'n Mens

sou met 'n groot mate van sekerheid kon aanvaar dat daar min regisseurs is wat Marivaux se *SPEL VAN LIEFDE EN TOEVAL*, Gert Hofman se *DIE BURGEMEESTER* en August Strindberg se tweedelige *DODEDANS* gelyktydig met soveel skeppende oorspronklikheid, tegniese vaardigheid en artistieke volwassenheid kon opvoer as juis prof. A. P. F. L. Engelen. Sy invloed sal nog vir baie jare in die Republiek se toneelwese waarneembaar wees.

Na Bertolt Brecht se dood het Helene Weigel sy belangrike werk voortgesit; jy weet reeds hoe nodig ons jou dienste as kunstenaars het, Tine!

LOUW VERWEY

#### GEWAARDEERDE MEDEWERKERS VEREER

Een van ons gewaardeerde medewerkers, prof. C. G. S. DE VILLIERS, is op 3 November verlede jaar deur die Caledonners op 'n huldingsfees vereer terwyl die Universiteit van Stellenbosch, waar hy soveel jare gearbei het, hom 'n ere Ph.D.-graad aangebied het. Ons wat die voorreg het om nog steeds penvars sketse en verhale van hierdie begaafde mens te lees wens hom van harte geluk. Ook in hierdie uitgawe is daar weer 'n skets van hom waar hy liggies die spot dryf met die geleerdes se swaarwigtigheid (en miskien ook so 'n bietjie met dié mense wat tog so bang is oor die invloed van blote woorde op die leser of hoorder). Mag hy nog lank so jonk en aktief bly!

Eddy van Vliet wie se poësie reeds in Tydskrif gepubliseer is, het intussen die Reina Prinsen Geerlingprys ontvang vir sy bundel *Duel*. Die redaksie wens hom van harte geluk. (Die prys is in 1953 deur Ina Rousseau verower met haar *Die Verlate Tuin*.) Johnnie Verstraete wat tans vir die eerste keer in Tydskrif publiseer, is tydens die onlangse toekening eervol vermeld.

#### BUITELANDSE MEDEWERKERS

*Tydskrif vir Letterkunde* waardeur die lewendige belangstelling van Vlaamse en Nederlandse skrywers, ook die hartlike en goeie gees van samewerking en welwillendheid wat daar bestaan. Waar die *Tydskrif vir Letterkunde* eerstens daar is om ons eie skrywers aan die woord te stel, is dit soms tot ons spyt onmoontlik om meer as drie of vier bladsye aan buitelandse skrywers af te staan. Maar lank nie alle Nederlandse bydraes is uit die buiteland afkomstig nie! Mie-Jeanne Moelaert van wie ons hierdie keer 'n aantal verse publiseer, is bv. reeds drie jaar in ons land en begin haar reeds ook aan die Afrikaanse vers waag.

#### SUID-AFRIKA EN BELGIË

Die tydskrif *Yang* het 'n jaar gelede die redakteur van *Tydskrif vir Letterkunde* genooi om as gasredakteur op te tree van 'n spesiale uitgawe oor Suid-Afrika. Die uitgawe verskyn in Januarie. Die polemiek tussen die redakteur en Breyten Breytenbach het reeds November verlede jaar verskyn. Weens die toenemende politieke kleur wat mnr. Breytenbach aan die gesprek gee, en waarteen aanvanklik al beswaar gemaak is, sal die gesprek daar gestaak word. Die besondere uitgawe van *Yang* bevat bowendien genoeg stof vir B.B. om oor na te dink.

#### OP BESOEK BY SKRYWERS

Van ons ouer skrywers wat nie meer aktief skryf nie word dikwels vergeet. Waar moontlik sal *Tydskrif vir Letterkunde* hulle gaan besoek en verslag doen van hoe hulle vandag lewe en waarmee hulle hul besig hou.

## OP BESOEK BY SANGIRO

„Een maanlignag, jare gelede, het 'n Afrikanerseun aan die kant van 'n oerwoud in Midde-Afrika na die veraf geroep van 'n leeuwyfie na 'n maat geluister. Nog verderaf het hy die klaende gerunnik van 'n sebra-hings waarvan die merrie deur 'n leeu gevang is, verneem. Byna onhoorbaar in die verte het die getomtóm van Afrika se kinders weerklink. Die lig van die groot maan het die wêreld om hom geel gevlek, en laag, ver en laag aan die horison, het die Suiderkruis gehang. Dit was stil aan die kant van die oerwoud . . . Ineens het hy gewet dat hy alleen is, alleen in die wêreld — en hy is vandag nog alleen. Hierdie Afrikaner-seun was Sangiro.”

Vir ons nugterder wesens van 1967 is hierdie beskrywing<sup>(1)</sup> miskien te veel van 'n geromantiseerde voorstelling. Tog, toe ek dit nou die dag vir Sangiro voorlees, het hy skielik vorentoe geleun en gesê: „Wie skryf dit? Hy is nogal heeltemaal reg! . . . Dit is net soos dit is.”

Tog sal ek die verkeerde indruk wek deur die klem op die skrywer se alleenheid te laat val. Al was ons drie keer by sy huis en al het ons telkens net hom daar aangetref, was daar tog tekens van 'n vrou se teenwoordigheid. Maar mev. Pienaar was ongelukkig by die skool. Toe kon ons probeer om met onverdeelde aandag by die man self uit te kom, miskien met minder sukses omdat iemand wat hom beter ken die gesprek moontlik makliker langs sy skryfwerk kon verbystuur.

Eers moet ek 'n wanbegrip verwyder wat deur die sensasiepers veroorsaak is. 'n Jaar of wat gelede het daar 'n artikel verskyn oor Sangiro se ongenaakbaarheid, sy verbittering, sy onwil om mense te woord te staan. Tydens ons derde gesprek het ek hom daarna gevra en sy kommentaar was ongeveer:

„Man, ja, die joernaliste, sommige van hulle, kom hier aangesit uit blote nuuskierigheid of om sensasie oor my te maak. Dit irriteer my. Maar met julle is dit 'n ander saak. Julle stel tog ook belang in my en nie in sensasie nie. Dis twee hemelsbreë verskillende dinge.” En die Sangiro wat ons ontmoet het en mee gesels het, verskil hemelsbreed van die Sangiro wat deur die bepaalde koerantverslag aan sy lesers voorgestel is.

Van die verbittering oor die sg. karige verdienste wat hy uit sy boeke gemaak het, kon ek niks merk nie. Hy het selfs gelag oor die paar pond wat hy vir *Diamantkoors en Twee Fortuinsoekers* gekry het.

Ons het by joernaliste, vriendelike én onvriendelike skoolhoofde en by poskantore verneem waar hy naastenby woon en toe op goeie geluk af hom gaan soek. Eindelik op 'n hoëveldse bult 'n klein plafdakhuisie soos 'n boontjie teen die

(1) Skrywerskringjaarboek 1936, bl. 66.

Augustussonnetjie gevou. Klein maar netjies en modern. Die man op die trekker in die land naasaan weet nie of mnr. Pienaar tuis is nie. Miskien is hy daar want hy het hom tog vanmore in die tuin sien spit.

Met die koerantverslag nog altyd agter in my kop klop ek. Byna 30 jaar gelede het ek hom een aand by Laurika Postma, die beeldhoudster, ontmoet. Ek onthou nog altyd die dik vag hare skuins van die voorkop weggekam. Ek wonder hoe sou hy nou lyk.

Die man wat die deur oopmaak, is lank en skraal. Die neus en mond is vreemd. Maar die hare wat nou in 'n grys vag na die slaap toe oorhang, is Sangiro s'n. Agter hom in die kamer sien ek 'n tafeltjie met 'n tikmasjien. Anna, my vrou, sit glimlag by en soos die kunsmense maar dikwels maak, val die meneer en mevrou sommer dadelik weg, en hy is maar Sangiro en nie meneer Pienaar nie. En miskien is dit hierdie informele en menslike toenadering sonder die tierlantyntjies en statuswoordjies van die burgerlike lewe wat ons wedersyds help om mekaar te vind en te ontdek. En die ontdekking was vir ons 'n avontuur. Joan Lötter wat ook saamgekom het, help later fluks soos 'n ou fotografiese hulp om die tiervel wat daar lê reg te hou vir die foto van die jaar! Ja, ons het die kamera saamgebring en Sangiro stel lewendig belang in die fotografie. Hy besit self nog 'n Leica wat vir die foto-entoesias dieselfde betekenis dra as 'n eerste druk vir P. J. Nienaber. En hy het mos self *Rolprentavonture* beleef én daarvoor geskryf!

Uit die gesprek kom 'n saggeaarde mens na vore, en iemand met 'n lewendige sin vir humor. Oor die ou Hollandse onderwyser wat uit Holland gekom het as 'n werker en hier nie sy werk kon hou nie en toe onderwys gegee het, voel Sangiro nie gelukkig nie. Dit was uitbuiting van die goeie trou van ongekunstelde Afrikaners. En dan vonkel die oë weer:


„Ek wens ek kon hom raakloop om hom reg te sien. Maar wat, waar hy vandag is, kan ek hom tog nie bykom nie.”

'n Tweede keer was ek en mnr. Johan Botha daar. En hy kry dit toe reg om Sangiro oor leeujaag aan die praat te kry. Ons staan naderhand buite by die motor maar wat gesels is die twee. En die leeu van die Ngorongorokrater storm weer soos die skrywer van *Op Safari* die episode weer voor ons laat afspeel.

Met die derde besoek was dit weer ek en Anna wat sy stem op band gaan vaslê het. En was dit 'n heerlike gesels! En agterna ontdek mens: daar is nog soveel wat gevra kon word. Daar is soveel hiate, soveel vergete sake. En dan kwel mens jou want jy weet: geleenthede gaan verby.

Die jare het natuurlik hulle tol geëis. Hy is al in die 70. Gelukkig is hy fisies nog gesond en sterk, want: „Ek leef versigtig. Ek eet baie min. Ek eet feitlik net vrugte en melk.” En sy handtekening is nog netso keurig, byna presisieus. Sy

*Sangiro in sy sit- en  
studeerkamer*



(Foto: Caru)



handtekening voor in die eerste druk van *Die Adelaar* maak dié boek mos sommer 'n kleinood!

Net met die geheue sukkel hy partymaal. Veral die dinge wat nou gebeur, raak hom nie so diep nie. En hy is besig aan skryfwerk wat hy sy swanesang noem. So 'n lofbetuiging teenoor die mense wat Oos-Afrika help mak maak het, die Afrikaners wat aan die begin van die eeu uit die niks kultuur probeer skep het: plase, landerye, 'n boerdery, skole. Maar hy spot liggies met sy eie pogings. Nee, hy maak net ligte aantekeninge.

„Nou die dag vra die vrou my hoe vorder die skryfwerk. Nee, sê ek, ek het darem 'n paar dingetjies aangeteken wat ek more moet koop.”

Buite die huis staan 'n paar dose vol goed, reeds ingepak vir die trek na 'n nuwe tuiste. En dit is so mooi van die ouderdom: die vergewende perspektief wat dit op die jeug werp, en die gelatenheid waarmee dit die toekoms aanvaar.

„Eers as jy oud is dan begin jy jou foute raak te sien en dan sê jy: Gee my nog 'n kans, dan sal ek dit oorleef en die foute uitlaat. Maar jy kry nie die kans nie!” En as ons praat oor die trek na die nuwe tuiste:

„Ja, trek is 'n vreeslike ding. Maar dis my laaste trek.”

As ons groet en wegry, staan die man skraal en lank en alleen voor sy deur. Die grys hare val silwer weg oor die voorkop, die mond glimlag met 'n ouwêreldse sjarmerie en toegeneetheid, terwyl die hand gelig is in 'n vriendelike: vaarwel!

En om nie te ernstig te word nie, eindig ons met sy eie woorde:

„Die nuwe adres ken ek nie. Maar dis by 'n klein skooltjie, net langs 'n kerk. As ek voel ek word nou te sondig gaan sit ek in die leë kerk; en natuurlik: hulle sê dit spook in die huis. Dan sal daar ook nie baie mense kom nie.” En daarom sal ons nie die adres aan navraers kan verskaf nie. Ons lig net die hand en sê: Vaarwel!

C.F.R.

Waar *Klasgids* en *Tydskrif* besluit het om mekaar te help dank ons mnr. Koos Meij, redakteur van *Klasgids* asook mnr. V. C. Wood, redakteur van *Lantern* vir die samewerking en daadwerklike hulp. Die stygende drukkoste knel die blad wat nie populêr ingestel is nie. Daarom waardeer ons die nuwe soort samewerking wat van wedersydse vertroue en agting spreek.

## SANGIRO AAN DIE WOORD

(Grepe uit 'n transkripsie van 'n bandopname)

V. En die ander ou skrywers? Het u A. D. Keet geken?

S. Keet glo ek nie het ek ooit ontmoet nie.

V. Jan Celliers?

S. Ja, Jan Celliers het ek goed geken. Baie by hom gekuier daar waar hy sy laaste jare in Seepunt deurgebring het. Toe het hy al 'n groot dingies moes gebruik . . . sound box; of wat noem julle die goed? Dan sit hy dit voor hom op die tafel, dan praat jy daarin en hoor hy tamelik goed.

Aan die begin op Stellenbosch het dit swaar gegaan om met hom te praat. Jy voel altyd jy wil nie skree nie; jy het respek vir die man, dan maak dit jou seer om so hard met hom te praat. Maar ons was baie goed bevriend. Op Seepunt het ons baie maal so bietjie gaan stap daar, na die water.

V. En D. F. Malherbe? Het u hom geken?

S. Ja, nie te goed nie. Hy het een skoot Windhoek toe gekom — ek was toe hoofopsigter, daar het ons mekaar ontmoet. Maar ek glo nie ek het hom ooit na dit weer gesien nie.

V. Hy lewe nog.

S. Lewe hy nog?

V. Ja, ek het hom verlede Aprilmaand gesien.

S. Regtig? Ja, iemand het 'n foto van ons geneem, hy en ek saam op die stoep van Windhoek se hotelletjie, 'n hotelletjie buitekant, bo-op die berg. Daar het ons mekaar gesien.

V. Het u die werk daar geniet?

S. Ja, dit was interessant gewees. Maar ek het nooit enige illusies gehad omtrent wildbeskerming daár nie. Jy kon net-sowel 'n olifant stuur om 'n vlooi te vang. Ek het dit net gedoen vir die ervaring om die mense te leer ken, (want daar is interessante mense, almal van die ou Duitsers van voor die oorlog toe dit nog Duitse gebied was) om hulle te besoek. Dit was vir my interessant. Maar om te dink aan wildbeskerming? Jy kan dit maar vergeet. Ek het so 'n artikeltjie geskryf waarin ek hulle genoem het — Biltongvreters! Dié naam het soos 'n grasvuur deur die land gegaan, en partyplekke moes ek oppas waar ek gaan. Biltongvreters!

V. Is dit nou die mense wat wildsteel?

S. Dit word nie gestéél nie. Almal steel dan! Die polisie ook, en niemand vang iemand nie.

V. Sangiro, sê my, skryf jy nog deesdae?

S. Ag, ek het begin met 'n boek, eintlik wat ons hele trek sal beskryf van Broederstroom af Kilimandjaro toe. Ag, maar ek het nie baie lus vir die ding nie. Ek het altyd 'n ekskuus om in my tuin te gaan werk. My vrou raas dag vir dag met my en vra: Is jy besig met die boek? Ek sê: Nee, ek maak nog so 'n paar aantekeninge van wat ek nog moet koop vir more.



- V. Nou besef u nie dat ons almal wag . . .
- S. Dis een rede waarom ek hier weggaan. Dit is om op 'n plek te kom waar ek weet waar ek gaan stilte hê. Ek het klaardie plek uitgesoek en dis 'n groot huis en dit spook binnekant. So die mense sal nie dâar kom nie. En alles is gereed vir my. Ek moet net die spoke goed bang maak. Dis 'n groot huis en ek het my vrou belowe as ek daar is . . .
- V. En die destydse trek self?
- S. Ons het getrek, regtig so onskuldig soos mense wat in 'n paradys intrek. Net so onskuldig. Toe ons eers daar is — die eerste wat begin vrek het, was die beeste, die span osse wat my pa gaan haal het. Hy moes ons in die koorsnes laat staan, op Mombo (daar het die trein opgehou) en die beeste gaan koop of huur in die binneland. En toe hy terugkom toe lê ons almal mos. En toe kom hy daar met die armoedige ou besies aan — hulle bestaan net uit 'n skoffie met vier beentjies onderaan. Dié moet nou daardie wa trek! 'n Swaar gelaaide wa wat ons hier klaar gepak het, op die skip so gesit het en daar net afgelaai het. Dit was 'n vreeslike besigheid. As julle nou so iets daarvan hoor, dit is my finale skryf. Dan is ek klaar met skrywery.
- V. Maar u lyk nog gesond!
- S. Ek leef versigtig. Ek eet baie min. Ek eet feitlik net vrugte en melk. Ek eet nooit vleis nie. Ek is 'n skoon vegetariër.
- V. Sangiro, jou werke — waarvan hou jy die meeste?
- S. En dink *Simba* is my beste werk. Dit is nie 'n lang storie nie. *Simba* was eers deel van 'n langer boek; wat is dit nou? *Avonture en Simba*? Maar nou is dit *Simba* en *Ngésomit*. Dit is die twee waarvan ek die meeste hou. *Simba* is die leutjie, en *Ngésomit* is die leeuplaas waar ons met vee gaan boer het! Op die voorpos. Daar was nie boere anderkant ons nie. En daar het die leeus met ons gewoel, snags in die kraal. Ek was die mannetjie wat moes wakkerlê. Ek was 'n vreeslike jagter gewees daardie dae . . . Daar toe by *Ngésomit*, het die runderpes ons oorval na 'n paar jaar en die laaste bees is dood . . . Toe trek ons na Kilimandjaro se voet toe. Daar het ons met graan, bome en gewasse geboer. En toe begin ek terug te hunker na die plaas daar op die kâal wêreld met die leeus. En toe skryf ek *Ngésomit*. *Ngésomit* is die Masainaam van die plek. Dit beteken waterkuile.
- V. Hierdie nuwe werk, Sangiro, sal jy sê dis meer 'n verhaal as die gebeurtenisse self?
- S. Ja, meer dit as iets anders. Dit is 'n soort „tribute” aan die mense en vriende wat daar dood is . . . En vir my eie broers natuurlik! My suster is ook daar dood. Ons het van malaria niks geweet nie. Nie eers dat jy nie mag kina drink as jou bloed aan styg is nie, jy weet: jou koors aan styg is nie. Jy moet wag tot hy sak. Eers as hy sak, dan kan jy drink. Dan moet jy ook nie sommer 'n pil drink nie, jy moet

- 'n halwe pil drink. En die Duitse pille was groot! 'n Vriend van my het dit konynpille genoem.
- V. O, konynpille.
- S. Ja. Hy had ook iets van 'n konyn weg, moet ek sê!
- V. Dit word beweer dat die dierverhaal 'n baie goeie verkoper is. Hulle beweer dat as jy iets oor die natuur het, koop die mense dit.
- S. Ja, dit weet ek nou nie, want ek is al so lank uit die besigheid uit. Ek weet net dat ek van my uitgewer maar min kry.
- V. Dink u die natuurverhaal het nog plek in ons moderne lewe?
- S. As ek self moet oordeel, moet ek beslis sê: ja. Maar ek weet nie met al die jazz en die soort „boys” wat daar vandag is — ek weet nie wat hulle name vandag is nie, elkeen het 'n ander soort naam — is dit seker nie meer dieselfde nie.
- V. Ja, maar een skrywer het aan my gesê hy dink die natuur is dood. Ons moet nie meer oor die natuur skryf nie.
- S. Daar kan ek nie saamstem nie. As álles eers saam doodgegaan het dan sal dit miskien waar word. Vir my kan jy maar vandag nog 'n stukkie oop veld gee, en dan kan jy maar Johannesburg se skyscrapers present vat. Maar wat! Ons almal sterf uit en die nuwe geslag, jy weet — swart hare en so opgedons en betakel as ek net na die goed kyk dan word ek naer. Ja selfs hierdie soort glamour boy wat hulle nou in die fotoreeks het, wat is sy naam? Jy weet hy poseer net vir 'n foto, dan wissel die beeld en dan gaan poseer hy weer, en so las hulle die verhaal saam.
- V. Die fotoverhale, ja.
- S. En die publiek koop dit soos soetkoek! Jy kan dit nie glo nie!
- V. Dink u die Afrikaanse publiek se leesmaak word daardeur nadelig beïnvloed?
- S. Nadelig óók; maar dit bestaan eintlik glad nie.
- V. In hoeverre is die skets, *Koors*, gegrond op die werklikheid?
- S. Absoluut honderd persent . . . O, dis 'n soort naboom wat daar groei, daardie goed met die melk.
- V. 'n Soort euphorbia?
- S. 'n Euphorbia, ja. Hy is grillerig. As jy nugter is, is hy grillerig, maar as jy koors het, is hy sommer 'n dreigement. Ons wa het daar vasgeval en die osse het gevrek op 'n streep. Daar het ek gelê met die koors, en die voël in die boompie sit en aanskou — hoe hy skree. Hy het 'n soort van twiet-geluid wat hy maak. En toe ek eendag hier kom, word ek gevra deur 'n groep van Pretoria — ek weet nie meer nie wie dit was nie; Martin du Toit was nog in hulle diens. Hy is nou dood. Toe vra hulle my om iets te skryf oor die trek en toe vat ek daardie ding. Dit het my so aangetas daardie tyd — die geluid van die voël heel nag en die grillerige, litterige gedoente wat hier bokant my staan. Ek kon dit naderhand nie meer uithou nie. Toe skryf ek

daardie ding. Ek begin sommer en toe sien ek naderhand: nee, maar dit word iets. En dit het ek sommer verniet weggee vir daardie kêrel en hy het dit gepubliseer.

V. Hoe het *Diamantkoors* en *Twee Fortuinsoekers* ontstaan?

S. Dit was sommer 'n ligte ou dingetjie. Die pers het my spesiaal gevra om die mense daar weg te hou, dit moenie aantreklik wees nie. Die mense gaan ten gronde daar, jy weet daar waar die delwerye is. En ek het daarmee saamgestem.

V. Sou u sê alleenheid is deel van die menslike bestaan?

S. Dit is maar die mens se lot; jy is nooit tevrede nie. Dit is eers as jy oud is dan begin jy jou foute raak te sien en dan sê jy: gee my nog 'n kans dan sal ek dit óórleef en die foute uitlaat. Maar jy kry nie die kans nie . . . So in die terugblik kan jy net sê jy was 'n bleddie fool. So onnosel, jy kan nie begryp hoe jy dit kon gedoen het of gewaag het nie. Jy sien, julle het mos in 'n baie verstandiger atmosfeer opgegroeï, ek in 'n maak en breek dinges in die jare in Oos-Afrika eers. Ek was soos 'n wilde Boesman gewees. Selfs ons huis was vir my te veel. Ek móét in die veld wees. Ek wou glad nie in die huis wees nie . . . Ek was te avontuurlik. Ek kon my nie op een plek vaspen nie. Vandag is ek spyt daaroor. Ek het net my tyd gemors. Ek het so 'n paar leeutjies daar verongeluk, maar soos dit is, wat het jy op die end daarvan? Niks nie.

V. Dit is eintlik gelukkig as die jare van wysheid darem kom.

S. Ja. Dit moes net bietjie eerder gekom het by my.

V. Maar kom dit nie maar altyd 'n bietjie laat nie?

S. As dit kom, is dit darem 'n troos gewees.

V. Sangiro, ons het lank gesels en ek wil net namens *Tydskrif vir Letterkunde* u alles van die beste toewens, veral waar ons sien hier buitekant staan dinge ingepak. Daar is alweer 'n trek.

S. Ek hoop dis die laaste ene.

V. En by ons goeie wense, baie dankie dat u so geduldig was met ons.

S. Nee, dit was net 'n plesier.



## DAG VISSERTJE MET DE PIJP . . .

Vierhonderd jaar geleden kon je een ridder geweest zijn.  
Nu ben jy een dichter:  
Galant verschil.  
Meer mensen en minder vrijheid.  
Teveel mensen misschien,  
wie durft het te zeggen?  
Kan men er zonder?

Je hebt grote gedachten  
en een warm hart  
maar die wereld waarover jy schrijft is klein en koud.  
Waarmee zal jij hem warm maken?  
Met bloemen of woorden?  
Of met de rook van je kleine kromstaart pijp?

Kom, zing voor mij . . .

## MET KOFFER EN CAMERA

Ik kan het  
Niet —  
heb ik aan mijzelf gezegd.  
Wat? Mijn boeken stonden schouder aan schouder in onwetend-  
heid.  
Is het de moeite waard?  
Zelfs een koninklijke protea wordt naderhand een verstrakking.

Begrippen . . . heeft het zin?

Een glas wijn en  
Twee hete tranen  
lopen over mijn kussen naar de ijle wereld  
Van niet-weten-en-slapen.  
Als een verre horizont klopt mijn hart de lijn van een nieuw  
verlangen.

Ik kan het  
niet —  
Zeg ik aan mijzelf.

## UYS KRIGE

### BRIEF AAN 'N VERRE MEISIE<sup>(1)</sup>

Vandag het die klag van 'n verre meisie my binneplaas bereik.  
En ek wou jou hierdie brief stuur opgewel uit my heimwee.  
Dalk sou hy 'n seevoël ontmoet wat hom na jou sou bring  
of hom sou toevertrou aan 'n golf wat na jou voete sou kom  
om my hele eensaamheid na jou te dra van 'n skulp verlore op  
'n berg se top.

Ek wou met jou praat van die tyd toe ons nog een was  
Ek onthou toe jy klein was, baie klein, so klein  
dat ek jou slegs gevoel het in my hartslag en in die gebewe  
wat my pak  
elke keer dat ek 'n kind hoor huil of 'n boom hoor val het.

Toe was jy en ek één reuse-rivier van teerheid.  
Jy het nog nie uitgegaan om alleen te loop nie deur die wêreld.  
Jy was verseël, hermeties, in my bloed.

En so het ons twee, baie naby aan mekaar, die nag gedeel en  
op die daeraad gewag.  
Die droefheid was ons albei s'n en ook albei s'n die geluk.  
Jy was in my, dogter, toe ek die oë van die dood wou ken;  
( miskien het jou onsigbare handjie sy teenwoordigheid  
verdryf.)

En jy was ook in my toe ek van liefde ween;  
in my tranes was jou toekomstige teenwoordigheid.

Tesaam het ons so lank gelewe, tesaam, onafskeidelik, geheel  
en al vermeng,  
dat my bloed eensaam is sonder joue,  
my bloed treurig is sonder jou mond,  
my hande slap sonder joue,  
dat my droefheid oor my bly hang sonder jou hartseer,  
my ore doof is sonder jou lag.

Daarom, toe ek van jou hartseer hoor daar ver,  
wou ek jou herinner aan alles wat ons verenig  
sodat jy jou nooit mag verwyder nie van die oorfloed van my  
vlees,  
sodat jy mag terugkeer na die bedding van ons eenderse bloed.

En nou soek ek in die grys oggend die golf of die voël  
om jou hierdie reëls te bring van 'n eensame vader.

(1) *Vertaal uit die Spaans van die Colombiaanse digter, Luis Zalamea.*

## VARINGBULT<sup>(2)</sup>

Nou soos ek jonk en sorgloos was onder die appeltakke  
Rondom die singende huis en gelukkig soos die gras groen was,  
Die nag bo die vlei ster op ster,  
Het die tyd my laat roep en laat klim  
Goud in die glanstyd van sy oë,  
En vereer onder waens was ek prins van die appeldorpe  
En vroeër onder 'n tyd het ek vorstelik die bome en blare  
Laat sleep met madeliefies en groen gort  
Af langs die riviere van die seëntreffende lig.

En soos ek groen en onbekommerd was, beroemde onder die  
skure  
Rondom die blye werf en singende want die plaas was my  
tuiste,  
In die son wat net eenkeer jonk is,  
Het die tyd my laat speel en laat  
Goud wees in die genade van sy gawes,  
En groen en goud was ek jagter en veewagter, die kalwers  
Het na my horing gesing, en op die bulte het die vosse geblaf  
helder en koud,  
En die sabbat het langsaam gelui  
In die klippers van die heilige strome.

Die hele son lank was dit gehardloop, dit was heerlik, die hooi  
Lande hoog soos die huis, die deuntjies uit die skoorstene, dit  
was lug  
En spel, heerlik en waterig  
En vuur groen soos gras.  
En snags onder die eenvoudige sterre  
Soos ek ry na die slaap het die uile die plaas weggedra,  
Die hele maan lank het ek gehoor, geseën onder stalle, hoe  
die nagvalke  
Vlieg saam met die miede, en hoe die perde  
Die donkerte binneflits.

En toe om wakker te word, en die plaas soos 'n swerwer wit  
Van die dou, teruggekeer, die haan op sy skouer: dit was alles  
Glansend, dit was Adam en maagd,  
Dit was weer onweer  
En die son het rondgeword dié einste dag.  
So moes dit wel gewees het na die geboorte van die eenvoudig  
lig  
In die eerste, tollende, plek, die betowerde perde wat warm  
loop

(2) FERN HILL van Dylan Thomas vertaal deur Uys Krige en Madeleine Bibi.

Uit die runnikende groen stal  
Uit op die lande van lof.

En vereer onder vosse en fisante by die vrolike huis  
Onder die nuutgeskape wolke en gelukkig soos die hart lank  
was

In die son oor en oor gebore  
Het ek my roekelose paaie afgehardloop  
Het my wense gejaag deur die huis hoë hooi  
En niks het ek omgee ek so besig met my hemelblou bedrywe  
dat die tyd

In al sy wysieryke wenteling so min en sulke oggendliedere  
toelaat

Voordat die kinders groen en goud hom volg uit die guns van  
God.

Niks het ek omgee in die lamwit dae, dat die tyd my sou neem  
Op na die solder swart van swaels aan die skadu van my hand,

In die maan wat altyd aan die opkom is,

Nòg dat terwyl ek ry na die slaap

Ek hom sou hoor vlieg saam met die hoë landerye

En wakker word tot die plaas vir altyd weggevlug van die  
kinderlose land.

O soos ek jonk en sorgloos was in die genade van sy gawes,

Het die tyd my vasgehou groen en sterwende

Ofskoon ek gesing het in my kettings soos die see.

*Zijn woorden waren  
archeologische vondsten  
waarvan hijzelf de waarde niet begreep.*

*Mie-Jeanne Moelaert*



DIE REËNSEUN (*'n Sprokie*)

hulle het die dorp 'n ander naam gegee en dit kramgresj genoem want dit was asof mens en god die plek verlaat het. een aand het die ou en wyse manne gesels en serf, die oudste en wysste onder hulle, het gesê:

*'n vloek rus oor ons.*

*kyk: die oes verdroog op die land en die beeste gee nie meer melk nie.*

*ons bid verniet tot die heilige maagd om reën — die wolke pak nie saam nie en die panne dor uit.*

*ons vroue baar neerslagtig.*

*vreemde siektes teister ons mense en ons mans sterf vroeg.*

*hoe lank sal dit nog voortduur?*

en terwyl hulle nog so beraad, kondig die kerkklok nog 'n sterfgeval aan. die gelui klink droewig in die nag en 'n onnatuurlike stilte heers in die dorpie. die ou en wyse manne slaan kruise en draai hulle dowwe oë na die hemel:

*wie sal dit hierdie keer wees?*

iewers vloek iemand tot God.

dis die jong manne wat die swaarste kry. dit was asof hulle die terugslae net nie kon verduur nie. 'n soort roekeloosheid het oor hulle gekom wat hulle baie slegte dinge laat doen het: hulle het gedrink, hulle vrouens geslaan en die jong meisies verkrag. of hulle sou ou vader krim, die priester, uitjou:

*wat help u bede nou?*

*en waar is die gode van genade*

*van wie u ons geleer het?*

vader krim sou hulle dan net aankyk met soveel jammerte en begrip in sy oë en stil wegdraai.

dit het die jong manne nog kwater gemaak sodat hulle op die grond gespoeg het.

kort-kort het die jong manne van kramgresj beplan om weg te loop maar om die een of ander rede het hulle nooit sover gekom nie.

ou vader krim het die grootste gedeelte van sy tyd op sy knieë deurgebring. snags kon 'n mens die dowwe skaduwee van sy knielende figuur deur die kerkvenster sien. sy oë het dof van verdriet geword want sy kudde het afvallig geword en net 'n paar oues van dae het nog die môremis bygewoon. as die heilige maagd net sy gebede wil verhoor. wat sal van die gemeenskap word as daar nie binnekort uitkoms is nie?

op 'n dag het die inwoners van kramgresj vreemde klanke uit die vertes hoor naderkom. hulle het by hulle deure uitgekom en in die strate verskyn. die ou mense wat langs die pad onder

koeltebome gerus het, het orent gekom en in die vertes gestaar na waar die klanke vandaan kom. en soos die geluid naderkom, het die gestalte van 'n jong seun geklee in 'n wye groen broek en 'n skaapwagterspet op sy kop, sigbaar geword. en die seun het op 'n rietsfluit gespeel. so mooi was die musiek wat hy op die fluit gespeel het, dat die voëls van die hemele hom gevolg het en om hom gedraai het asof hulle hom wou beskerm.

voor die skare mense het die seun gaan staan en vir hulle liedere op sy fluit gespeel. die klanke het die lug gevul en diep tot die mense se harte deurgedring. nog nooit tevore het hulle so iets beleef nie. nog nooit tevore het hulle sulke pragtige klanke gehoor nie.

die ou mense het ontroerd gedink:

so moet dit in die hemel wees.

die jong meisies het trane in hul oë gekry en die mans het stil en met neergeslane oë na die pragtige musiek geluister. dit was asof almal van al die swaarkry en ellende vergeet het; asof die musiek 'n honger wat dieper is, gestil het.

en terwyl die mense nog so in stille verwondering na die klanke luister, het 'n groot wonder gebeur: die wolke het saamgepak en 'n donkerte het oor die aarde gekom. Daar was 'n veraf gerammel en skielik het groot druppels reën op die grond begin val. die mense het in aanbidding neergeval en die heilige maagd geloof.

die damme het volgelopen en die trekvoëls het in swarms oor die dorp getrek. die lande het weer mooi groen geword en die mense had weer volop om te eet en te drink. in die kerkie het almal weer die mis bygewoon.

die reënseun, want so het die inwoners hom genoem, het nog vir 'n lang tyd by hulle gebly. hy het die ander seuns geleer hoe om fluite uit riete te sny en om liedere op die fluite te speel.

die reënseun het die dorpie verlaat maar die mense het nie vergeet wat hy hulle geleer het nie. hulle het op hulle fluite bly speel en die seuns wat later self vaders geword het, het op hulle beurt weer hulle seuns geleer om liedere op dié fluite te speel.

dan het hulle vir hul seuns die storie van die reënseun vertel.

MARIÉ BLOMERUS

5.30 VM.

*vir Stephanie*

maak ek die ruite oop o  
dring die angs se angel deur die slape  
sny skerp voorwerpe die senuwees  
klap deure tot die intuïsie toe  
ver van dié stad dryf  
die treurige see  
die treurige see met  
sy swerms visse en voëls  
met sy hemel van stilte  
sy hemel van beweging

5.31 vm.

sien ek in 'n nuwe dimensie  
loop ek ylend tot by  
Pelican Point

5.32 vm.

word ek gelukkig die treurige see  
uitgegiet op allenige strande  
trots en bitter  
die treurige allenige see  
vyf twee en dertig voormiddag  
by Pelican Point maar  
voor die ruit met die angs se angel deur die slape

LAAT EK WATER OOR DIE KLIPPE LOOP

vroeër gee ek geen gedagte  
aan die dors van die voëls van die lug  
het ek geen simpatie met hul honger;  
nou laat ek water oor klippe loop  
dat hul kan drink nou  
verlustig ek my in hul  
vreugde oor die eerste vrugte  
ek gun hul die voedsel  
en die water  
hulle roep my soggens  
terug uit die nag se dood wek my vir  
nog 'n bleek oggend nog 'n bleek dag teësinning  
waarin  
hul koring en water  
uit my hand sal ver wag  
korrels lig korrels lug korrels bloed  
liefde en lewe  
uit my hand  
my verganklike hand

## OORSPRONG

Daglank om die brandpunt  
van die woord:  
helder vokale  
die skerp konsonant,  
voor-en-agtervoegsels,  
nuwe ontdekkings  
met afleidings  
en taalverskynsels —  
maar as patrone  
patroonloos word  
van soeke sonder vind  
na nuwe woord- en  
beeldnuanses,  
vind ek die  
lyndun naelstring  
van die woord:-  
bring ek dit by die stam,  
getrou en sonder  
meerderwaardigheid,  
illustreer ek  
eie aan ons klein begin  
met hierdie voorbeeld:  
mens-wees.

## KLEIN VERLANGE

Ek het geweet dat  
stralervlerke sterker is  
as die begeerte  
wat ons koppel  
aan die stil bestaan  
van ongerepte gisters . . .  
en vandag  
bly en gevange  
in Gestaedt se sneeu.  
Oggend in Geneve,  
Middag in Bern,  
korrels Kersfees  
— Switserse sinoniem —  
sif sonder stralervlerke  
spraakloos die verlange neer  
na ongerepte gisters  
  
en vandag se stil onthou.

## WINTER

'n Ander dag  
het my gebring  
tot waar die eerste  
môre soepel son  
en witter wind  
af in die laagtes was,  
tot waar die tyd  
sy eerste wintersheid  
kom hang het  
aan 'n bos  
en ryprooi aalwyntros.  
God het die wêreld  
nuut gemaak —  
'n ander nuut  
wat stil  
en ontoeganklik is  
in naakte ewewig.

A. S. VAN STRATEN

## DELEMMATJIES

### *Skinderstorie*

Hy het sy visfabriek verwaarloos en na ander ouens se vrouens geas en hulle het hom gevang met diamante.

### *Orrelis*

Soms as hy alleen is in die kerk speel hy 'n opgewekte opskoplied — om te kyk of iets gebeur.

### *Kort van draad*

„Daardie lang ou sal hard val as 'n man sy bene onder hom uitskop,” het die mannetjie gesê.

### *Waar daar lewe is . . .*

Sy dae loop op sypaadjies en kyk by vensters in; sy nagte dwaal in 'n klein vertrek en kyk by 'n venster uit.

### *Ledemaat*

Hy slaap . . . en as hy wakker skrik, sit hy eendag in die kerk.

### *Twee portrette*

Ek het Van Wyk Louw agter glas en in 'n goue raam; my Opperman is vas aan vier planke van 'n nartjiekas.

### *Kontak*

„Verkeerde nommer,” het sy gesê en afgelui . . . en daelank was hy bewus van die vreemde vrou se stem, die stem van die verkeerde vrou.

### *Ou Vaatjie se laaste woorde*

„Wat nie dood maak nie, maak

### *Soloïs*

Ek sing vals saam met ander mense.

### *Karate*

My hand is soos 'n baksteen, ja . . . maar hoe kry ek my hart hard?

HEWITT VISSER

## HOE GEWELDIG IS DIE ONSIGBARE DINGE NIE

Hoe geweldig is die onsigbare dinge nie:

die hitte in die asem van die Julieryp  
ets skroeiwonde op 'n rooswang,  
streel elke botsel met 'n dodekus,  
en bloos soos 'n maagd voor die sonsopgang;

hoe geweldig is die onsigbare dinge nie:

die plunderaarswind van Augustusmaand  
stroop takke van bome wat praal op die rand,  
en ver in die vlaktes sonder gras, sonder vuur  
blaas donker kolomme omhoog uit dor sand;

hoe geweldig is die onsigbare dinge nie:

die kernkrag in jou mond spuit deur my keel  
as ons lippe verkennend mekaar raak,  
ontsteek my lendene, stig brand in my hart  
met 'n kettingreaksie wat ek nóg wil nóg kan staak:

hoe geweldig is die onsigbare dinge nie.

## OEDIPUS

Kyk

hoe die vuurpyl brand in die woestyn  
uitvlam op sy donkergroen bobou  
tot die lug rondom bondel en bewe  
van wellus en angs teen die grys arduin:

maar

hy breek nie los nie, skiet nie na bo en wentel  
om die bosbedekte wêreld nie, vat nie koers  
en bars teen die berge van die verre Venus  
in tienduisend pinkstertonge uit nie:

want

hy bly bewe aan die donkerbruin  
lenige naelstring wat hom laat klewe  
aan die ronde groen grypende bobou  
en die suigende sand van die woestyn.

70 X 7:

„Dis Woensdag,” sê sy en loop na die tuinhekkie toe.

Ek kyk haar agterna.

Sy staan 'n rukkie meewarig en rondkyk en kom dan terug soos 'n kind wat moet pakkry.

„Hy sal nie meer kom nie,” sê sy.

„Ja,” sê ek. Want sy is reg.

Sy loop die huis in, maar ek sit nog lank op die stoep.

As die aand koud word, gaan ek langs haar slaap.

Die volgende dag is wit van die ryp. Almal trek warm aan en drink baie koffie.

En sy dwaal deur die huis. Oral is vuil klere.

„Wat van die wasgoed?” vra ek.

„Ek sal more was”

„O.”

En ons loop weer van kamer tot kamer. Maar ons lywe is te groot vir die mure.

„Maar dis al Donderdag,” sê ek.

Sy knik. Gister was Woensdag.

„More is dit naweek en ek moet skoon klere hê. Veral . . .”

Sy loop buite toe.

Ek moet oor iets sanik.

Sy staan langs die posbussie in die koue. Haar heupe is oud as sy oor die hekkie leun. Haar kop is grys soos die oggend.

Ek gaan langs haar staan.

Die straat is stil. Dis asof die mense skrik vir die koue.

Net 'n langsterthond dwaal oopbek by ons verby.

Drie-uur sit ons langs die kombuistafel. Toe kom hy by die oop voordeur in.

Hy is lank en het breë skouers.

„Middag Ma. Middag Pa.”

Hy drink saam koffie en die kombuis is skielik warmer.

Hy vertel baie dinge.

„Ek is . . .”

Hy maak keel skoon, en speel met die lepel in die suikerpot.

Ek weet wat hy gaan sê.

„Ek is toe getroud,” sê hy.

Ons kyk na mekaar.

My vrou se oë sit klein. Sy staan op en skink nog koffie.

Hy praat nie verder nie. En juis nou móét hy praat.

Hy rook net die een sigaret na die ander.

Sesuur sê hy iets:

„Ek wou haar saambring.”

„Maar . . . ?” vra ek sag.

„Maar toe weet ek nie van julle nie, van Ma nie.”

„Wat is haar naam?”  
 „Martina.”  
 „Waar bly julle?”  
 „Johannesburg.”  
 Ek wil nog baie vrae vra. Maar sy is te stil.  
 „Ons het al 'n kind.”  
 Ek sien sy wonder skielik, want sy is ouma. Tog praat sy nie.  
 „'n Seun?” vra ek.  
 „'n Dogter.”  
 „O.”  
 Die trots kom op my hems kraag sit.  
 „Sy het Ma se naam.”  
 Ek glimlag effens en sy ook.  
 Ons verdaag naderhand en hy gaan in sy kamer slaap.  
 Soos altyd,  
 Maar ek hoor hy slaap nie. Hy lê en rook en rondrol.  
 „Was dit móés trou?” vra sy in my oor.  
 „Ek weet nie.”  
 „Het jy nie gevra nie?”  
 „Nee.”  
 „Dis onverantwoordelik van jou.”  
 „Ja.”  
 Maar ek stem nie regtig saam nie. Ek dink te veel aan sy breë skouers en aan Martina wat in Johannesburg alleen slaap met haar kind.  
 „Hoe oud is die kind?”  
 „Ek weet nie.”  
 Sy sug in my arm.  
 „Ek wonder hoe lyk sy?” Sy sê dit hardop en ek kan dit nie glo nie, so goed is dit.  
 „Wie nou?” lok ek.  
 „Die kind.”  
 „O.”  
 „Wie anders?”  
 „Martina.”  
 „Nee.”  
 Ons lê 'n rukkies soos kinders en wonder.  
 „Sou hulle genoeg geld hê, dink jy?” vra sy weer.  
 „Dit lyk so.”  
 „Ja.”  
 Ons draai op ons sye.  
 „Hy sê hy wou haar saambring,” sê ek al was sy by.  
 „Ja.”  
 „Wat sou jy doen?”  
 „Ek weet nie.”  
 Ons lê lank stil. Die hane begin te kraai.  
 „En jy?” vra sy.  
 „Wat kán mens doen?”  
 „Dink jy hy sal weer kom?” vra sy.



„Miskien. As jy wil. Maar sy sal moet saamkom. Sy en die kind.”

„Ja.”

„Moet ek hom vra?”

„As jy dink dis goed.”

Ek voel hoe die vreugde in my raas.

„Wanneer gaan jy begin praat; iets sê vir hom?”

Sy antwoord nie, sy huil.

„Ek dink hy slaap nou,” sê ek teen haar gesig.

„Dis al ná vier.”

WESSEL J. PRETORIUS

## IN DIE LEWE VAN 'N GROEF

(dedicated to the Mamas and the Papas)

ons is altyd onder die invloed van musiek  
harmonieus soos busse en parkeermeters in 'n stad  
staccato en legato soos verkeer op saterdag 12.30

— ons is kinders met die moontlikhede van 'n robot —

ons is altyd in die lewe van 'n groef  
neergedaal in groewe soos die gang in 'n ouetehuis  
dromerig om die aarde te laat draai

— ons is afgerond met die moontlikhede van 'n produk —

ons advertensies onderbreek telkens ons musiek  
dan groef ons onbewus na sondagmiddagewighede  
om niks onder die son te verander nie

— ons is dubbelsinnig met die moontlikhede van 'n hegpaar —

ons word genoeg gegun om onself te bewys  
maandag maandag soos 'n popliedjie in die nag  
dan is ons uit die lewe van ons groef

— ons kommunikeer met die bewys van 'n treffer —

OPROEP

As hierdie onrus teen my sweep  
en van my bloed 'n jongperd maak  
oningebreek  
wat skuimbek jaag  
straat op straat af  
doofblind van beur teen teuel en stang  
half berserk  
geworstel van verlange na die berge  
waar jy en ek mekaar sal vind  
sonder omheining  
vind en práát

— as hierdie jongperd skuimbek maak  
lig ek die swart gehoorbuis  
sê hallo  
en as jy antwoord  
steek hy vas  
en laat hom suutjies na die drinkbak lei.

TRIO

*Dis Ek-Alleen of Ek-en-Jy of Ek-en-al-die-Ander.*

Hoogheerlik  
is die Ek-Alleen  
met slotte sonder sleutels  
afgesonder  
vir donker dink en donker praat  
en gil of suutjies seerkry sonder eina

want hier is ek  
en mure sonder vensters  
en lampe wat die lig verdryf  
naglampe  
klein gryns sfere  
net EK

hier lê die skille van 'n lag  
spitsvondigheid  
konvensie  
blinkkantbo

hier keer ek na my grot terug  
en brei 'n vel en kook 'n bok  
en dra my hare heup-lank oor my skouers  
en bons my kreet van krans tot krans  
sonder seblief of skuus of dankie.

*Dis Ek-Alleen of Ek-en-Jy of Ek-en-al-die-Ander*

Maar Ek-en-Jy  
lê anderkant die draad  
die doringdraad  
die hok se draad

en koggelaars in die dieretuin  
is Ek-en-al-die-Ander!

A. J. J. VISSER

## ONTSLAG NA EENSAME OPSLUITING

Hy woel: stadig los die donker sel  
sy greep, skuif —  
'n slang kruip uit sy vel.

Die deur knars, die son kom in.  
Oë skrefie teen lig.  
Nou sal die tyd weer nuut begin!

Sipier se afskeid: daarop let  
dat jy op jou ledemate  
spikkels van die duister het.

*Smaak verskil hoofsaaklik omdat almal s'n nie ewe goed ontwikkel is nie.*

*Hendrik Prins*

'N ANDER HUIS

My pa is gisteraand saam met oom Sarel hier weg. Oom Sarel is die polisieman.

Die kinders by die skool weet almal daarvan. Fanie, my nefie, het dit vir hulle vertel. Gert, my maatjie, wou nie by die skool met my speel nie, want die kinders sal vir sy ma gaan vertel. Vanmiddag was ek en hy alleen agter die winkel waar my ma werk. Hy het vir my twee rooi albasters gegee en gesê ek moet vir niemand vertel nie. Ek het die albasters in die emmer agter ons huis weggegooi.

Dit was eers lekker by ons huis. My ouma het toe nie daar gebly nie en my pa het grappe gemaak en met my gespeel.

Toe het my pa begin om elke dag saam met oom Willem wyn te drink. My ma het ook wyn gedrink. My pa en ma het baie gelag. Naderhand het hulle kwaad geword en hard gepraat. My pa het partykeer die deur só hard toegeklap dat ek geskrik het. Hy het nooit teruggekom voordat ek geslaap het nie.

As ek sien my pa bring van die bottels huis toe het ek verskriklik bang geword en by Gert gaan speel. Partymaal het sy ma my weggejaag.

My ouma het baie met ander mense oor my pa gepraat. Sy het nooit sy naam gesê nie maar altyd „hierdie een se pa.” Sy het gesê sy het altyd geweet, maar Mollie wou nie luister nie. Mollie is my ma. Ek het eendag vir my ouma gevra wat dit was wat my ma nie wou luister nie. Sy het gesê my ma wou nie na goeie raad luister nie en ek moet gaan speel.

'n Mens moet altyd vir jou pa en ma luister. Oom Flip het dit vir ons in die Sondagskool gesê.

Ek gaan nie meer Sondagskool toe nie. Oom Flip het eendag vir my gevra waarom ek nie skoene aantrek as ek Sondagskool toe kom nie en gepraat oor respek vir Gods huis.

Ek wonder darem oor daardie ding van die man wat sy skoene moes uittrek toe die bos gebrand het.

Ek is verskriklik bang vir die vuur waarin stout kinders eendag gaan brand. Miskien sal ek daarin brand omdat ek nie Sondagskool toe gaan nie. Of miskien omdat ek nie skoene aangetrek het nie. Maar geld groei nie op my ma se rug nie. My ouma sê altyd ek moenie neul nie. Ek moet liever bid dat die Here met my pa se gal werk.

Die juffrou sê 'n mens moet net glo as jy bid. Ek het al só gebid dat my ouma nie meer by ons moet bly nie. Dit het niks gehelp nie.

Die dominee en oom Flip was eendag by ons huis. Ek en Gert het voor die deur gespeel en toe ek sien, was hulle by die hekkie. Oom Flip het vir Gert gevra of sy ma weet waar

hy is. Gert het ja gesê en toe gou huis toe gegaan. Ek dink hy het vir oom Flip gelieg.

Die dominee wou weet wat my naam is. Ek was skaam vir hom. My voete was vuil van die stof. As ek skoene aangehad het, sou 'n mens die stof nie gesien het nie.

Oom Flip het met hom gepraat oor „mense wat wild geword het en sommer uit die Sondagskooi wegbly”.

Hulle het aan die deur geklop. My ma het oopgemaak. Sy het met hulle gepraat soos met die oom wat partykeer vir ons kos gebring het. Die kos wat hy gebring het, was meel, koffie en suiker. Kersfees was daar vleis ook by. Die oom het nooit gelag nie.

Die dominee het lank gepraat en toe uyt sy Bybel gelees. Hy wou eers my pa se Bybel hê maar my pa kon dit nie kry nie.

Toe hy klaar gelees het, het hy weer gepraat en baie na my gewys. Sy stem was sag en my pa en ma het niks gesê nie. My ma het naderhand gehuil. Toe het die dominee gebid.

Ons het almal by stoele gekniel. Spottie het ingekom en vir oom Flip geblaf. My pa het vir Spottie uitgegooi. Ek wou eers lag, maar toe dink ek aan die groot vuur. As 'n mens in die hemel wil kom, mag jy nie lag nie. Vat nou maar vir oom Flip en die oom wat die kos bring.

Honde brand ook nie. My ouma het dit vir Fanie, my nefie, gesê die dag toe hy hulle hondjie wat onder 'n motor gekom het, begrawe het.

Toe die dominee klaar gebid het, het hy weer lank met my pa gesels.

'n Ruk daarna het ek gesien dat my pa vreeslik ongeduldig begin word, maar nooit meer bottels huis toe bring nie. Oom Willem het ook nie meer daar gekom nie, behalwe as my pa nie by die huis was nie.

Eendag het my pa gesê dat hy beter werk op 'n ander dorp gekry het. Hy is die anderdagmôre met die trein weg.

Hy het Vrydae teruggekom en dan het hy baie met my gespeel. Hy het vir my karatetrieks geleer. Partykeer het hy my styf vasgehou en sy oë het geblink.

Hy het vir my ma geld gegee. As hy weg is, het my ma die geld vir my ouma gewys. My ouma het altyd gesê „party mense verbeter darem, maar 'n wolf verander nie van nukke nie.”

Oom Willem het baie by ons huis gekom. Hy wou met my speel en dan het hy altyd gekyk of my ma dit sien.

Ek het nie van hom gehou nie. Ek moes altyd vroeg gaan slaap as hy daar was. As ek water vra, het my ma kwaad geword. Toe het ek maar voor die tyd baie water gedrink sodat ek vir iets anders kon roep. Ek het een aand te gou aan die slaap geraak. Die volgende oggend was ek verskriklik skaam.

Partykeer het my ma in die aand saam met oom Willem weggegaan. Dan kon ek nie aan die slaap raak nie. Ek het altyd gehoor as hulle in die donker terugkom. Hulle het sag gepraat en as dit weer stil word, het ek gehuil en gewens my pa wou terugkom.

Dit was gister Woensdag. Hy was weer by ons en hy en my ma het in die kombuis gesels. Hulle het oor my pa en tant Truia gesels.

„Dit kan nie so aangaan nie,” het my ma gesê. „Vier mense het hel. Dit sal beter wees om 'n einde aan alles te maak.”

Oom Willem het gelag en iets gesê van „wat die oog nie sien nie.” Hy wou my ma soen. Toe sien hy my en sê ek moet maak dat ek wegkom.

Ek het by die hekkie gaan staan en my pa sien aankom. Ek het na hom gehardloop. Hy het my opgetel en sy oë het weer so geblink. Hy het gesê hy het ons kom haal, want hy het vir ons 'n ander huis gekry.

By die huis het hy na my ma geroep. Na 'n rukkie het hy my ma en oom Willem in die kombuis gekry.

Oom Willem het teen die deur gestaan. My pa het gevra wat hy daar soek. Hy het gesê wat traak dit my pa, en hy kan maak wat hy wil.

My pa het hom een keer geslaan en hy het sy kop teen die muur gestamp. Ek het so 'n lekker warm gevoel gekry. My pa het nog geslaan en geslaan.

Toe het oom Willem geval en bly lê en sy oë was so snaaks.

My ma het geskreeu. My ouma het uit die kamer gekom. Sy het spierwit geword. Ek moes saam met haar na die dokter se huis gaan. Sy het heeltemal uitasem geword en halfpad moes ons rus. Sy kon amper nie praat toe die tannie die deur oopmaak nie.

Ons het saam met die dokter huis toe gery.

Toe ons daar kom, het my pa op 'n stoel gesit. Ek dink hy het ons nie eers gesien nie. My ma se oë was baie rooi.

Die dokter het aan oom Willem se arm gevoel en gesê magtig die man is klaar dood.

Tant Truia het gekom. Sy het net na oom Willem gekyk en haar lippe was spierwit. Toe is sy weg en hulle het hom in 'n swart motor weggeneem.

My pa is toe saam met oom Sarel weg. Hy het met homself gepraat, so deurmekaar dat ek amper niks kon verstaan nie. Hy het sy kop aanhou skud en gesê „wat jy saai, wat jy saai . . .”

My ma praat niks nie. Vanoggend het sy net gesê my ouma moet stilbly want almal het skuld daaraan.

Die dominee en oom Flip het kom bid. Oom Flip het gesê ek moet eers die vervloekte brak uitgooi en die deur toemaak.

Die dominee het eers gebid en toe sag met my ma gepraat.

Hy het gesê as 'n mens berou het, word jy vergewe en ons moet bid dat my pa berou kry.

As ek my pa was, sou ek glad nie berou kon hê nie. So het ek die heeldag gedink. Nou is dit donker en ek is bang. Ek sal vanaand bid sodat my pa vergewe kan word.

Ek weet nie of dit sal help nie. Eenkeer het ek per ongeluk vir Gert met 'n klip teen sy been gegooi. Ek was so jammer dat ek eintlik gehuil het, maar Gert het vir die onderwyser vertel.

Die merke van die lat het nog baie lank aan my bene gesit . .

## SKAKELREDAKSIE

*Die redakteur word voortaan bygestaan deur 'n uitgebreide skakelredaksie. Die volgende persone word van harte verwelkom as lede van Tydskrif vir Letterkunde se skakelredaksie: mnr. J. J. Brits, Nasionale voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring; mnr. W. A. de Klerk, die bekende skrywer; dr. André Demedts, die Vlaamse skrywer en letterkundige; mnr. B. le Roux, die Natalse onderwysman en 'n ou medewerker aan die blad; mev. Joan Lötter, jong digteres en huisvrou; drs. Koos Meij, die bekende redakteur van Klasgids; dr. Z. J. Pretorius, Inspekteur van Onderwys in die Vrystaat, prof. dr. P. D. van der Walt, die bekende letterkundige van die P.U. vir C.H.O.; en prof. dr. Eben Meiring van die Universiteit Stellenbosch.*

## TOEKENNING: NOVEMBER 1967

*C. G. S. de Villiers word gelukkigwens met die bg. toekenning vir sy bydrae in die betrokke uitgawe.*

*Tot ons spyt sal die bg. toekenning voortaan moet verval. Die besnoeiing is noodsaaklik met die oog op ander noodsaaklike werk i.v.m. die blad.*

PIETER VAN VUUREN

RADIOROMANSE

Een uur lank teen die agtergrond  
Van Vrydagaand smeul  
Die liefde in sy kool:  
Saggies die luidspreker;

En haar hart breek, en syne;  
Die bure skinder voort; soetigheid.  
Die drifte brou tot sooibrand  
Behalwe in die storietyd.

'n Liefdesverhaal bitter ontvang  
En soet gemaak met teg-  
Nick, die waarheid los-  
Gemaak tot reg en onreg.

Linte op die oppervlakte  
Wat soos drifte dryf:  
Enkelvoudig uit staanspore,  
Tot 'n enkelvoudige rif;

Kontrapuntale kombinasies  
Oor die water van die meer.  
'n Verhaal in bitterheid ontvang:  
Wit gedisinfecteer.

Sout is die groot, groot water,  
Tot bitterheid gevorm en gewy,  
Gulsig vir die soete wat ontsnap het,  
Meedoënloos om die flenter in te kry.

Rustig die volk by die vuurtjie  
Met sout in die bitterkool se smart.  
Die water in die slukkende aar se warmte  
Is sout tot diep in die hart.

En haar hart breek en syne  
Tot alle begeerte bedaar:  
Wins vir die groot bataljonne.  
Rustig vloei die gif weer in sy aar.

Dit is verby: die hande  
Reik duisendmaal na die skakelaar;  
Die wêreld bind sy bitter bande  
Was om Vrydagnag: dis klaar.



Vrydag verloor sy dowwe glans  
En kyk weer in sy werklikheid:  
Die werklikheid is 'n hoë skans  
Bo tot teen die ewigheid;

Die werklikheid is sonder lig of lag,  
Die werklikheid is sonder droom, en bitter kos;  
Die werklikheid is Vrydagnag  
Waar in sout blink sterre skitter, mos.

SAREL SMIT

VIR RENEE

Soos 'n hondjie  
is jy vanaand  
op ouma se skoot,  
in die wollerigheid  
van my hart.

In 'n klipkraal van  
woorde, ons liefde,  
dagoud in die modder.

Jou oë vertel ons  
het gisternag met  
die waarheid geslaap.

*Twee probleme treiter die toneelspeler: om die karakter wat  
hy moet vertolk, te word; en om weer homself te word!*

*Hendrik Prins*

## DIE MARTELAAR

Die begin was bo in Pietersburg, 'n klein aankondiginkie in 'n Transvaalse koerant: die skielike dood van 'n fris seun, Japie, in die fleur van sy jong lewe. Die dood van 'n grysaard is vir bloedverwante treurig maar nie tragies nie, want hy het reeds sy deel weg: sy tydjie het kort geword, en niemand kan mos die algemene menselot ontwyk nie. Maar so 'n fris en gesonde, lewenslustige jong seun vir wie elke dag 'n nuwe wonder gebore word. Die liggaam het geen enkele letsel vertoon nie, hy het net op slag doodgeval, en selfs 'n post mortem het geen tekens van patologiese veranderings gewys nie, meteens het die verskriklike blinde Furie gekom en die lewensdraad afgeknip. Dit was opvallend hoeveel Indiese kinders by die lykstoet na die kerkhof aangesluit het. Japie het 'n wonderlike taalbegaafdheid besit en kon Jiddisj met die Jode, Grieks met die Grieke en Indies met die Indiërs praat. Selfs in Hebreeus kon hy al vloeiend met die gawe ou rabbi gesels. Soveel talent van so 'n jong, veelbelowende seun; om net te dink dat hy die moeilikste van alle tale, Sankskrit, kon lees, die heilige taal van ons Indo-Europese voorouers. Moontlik het hy 'n boek in daardie taal van 'n geleerde Indiese priester afgebedel . . . Sy maats het hom dikwels geterg met sy uitroepe in een of ander vreemde taal, en juis onmiddellik voor sy plotselinge dood het hy nog iets in 'n uitheemse taal gesê.

„Om net te dink,” sê sy moeder, „dat die laaste woorde wat my kind gesê het in Jodetaal was!”

Maar dit was juis nie in Jodetaal nie. Dit was in Sanskrit.

Kort ná Japie se oorlye kom daar 'n ontrustende persberig van 'n voorval op 'n groot internasionale kongres van linguïste in Boeda-Pesth. Dit was in die afdeling Oosterse tale. 'n Wêreldberoemde navorser was besig om die invloed van die taal van die oervolk van Indië op dié van die Indo-Europese taal te bespreek. Dit het glo veral gegaan oor die geheime towertaal van die Vedas. En skielik, plotseling het die voordraer dood geval, sommer so in die middel van 'n sin. Die pers het 'n kort berig van die grondliggende werk van die beroemde navorser gebring, oor wyle dr. Andrassy se belangrike bydraes tot die taal van die Suid-Amerikaanse woud-Indiane tot dié van die Ainu en oor die genitief in Etruskies; vir die gewone koerantleser van nul en gene betekenis nie.

Die volgende jaar was daar weer 'n geval, hierdie keer was die kongres in Kiëf, en daar was die slagting sommer groot. Een ná die ander spreker het temidde van sy toespraak doodgeval, die sterftesyer het gestyg tot sewentien. Die linguïstesiekte word nou sensasieberigte in die pers van alle lande, die ou verhaal van die „vloek van Toet-Ang-Amoen” is weer eens

in al sy fleure en geure opgedis, daar word gepraat van kannie-dood-virusse wat in die grafkamer van die farao duisende jare op loer gelê en soos ontketende draers van die dood die betrokke egiptoloë die een ná die ander na die Egiptiese bokveld gestuur het. Soortgelyke virusse moet bepaald ook aan die ou Sanskrit-codices kleef — daar was volgens die berig in die Burger 'n beroemde Amerikaner aan Stanford-Universiteit, ene dr. Ephryme Yoodlezown, wat die siekteberokkende virus onder die dertigmiljoenmaal vergrotende elektronmikroskoop reeds gefotografeer het. Alles goed en wel, maar waarom sou daardie lewenswesentjie so kieskeurig wees en net linguïste aanval?

Eindelik is besluit dat van internasionale kongresse van taalgeleerdes voorlopig afgesien word en dat drie vakmanne oor die aangeentheid skriftelik aan die sekretariaat in Parys moet rapporteer. Drie linguïste is toe benoem: prof. Van Welschêden van Brussel, prof. Lightfoot-Creasy van Cambridge en prof. Marinetti, die beroemde Etruskoloog van die Museo alla Valle Giulia in Rome. Die drie kon soveel viroloë, bakterioloë en patoloë koop teer as hulle wou. Die internasionale pers het intussen begin ongeduldig raak en het geskimp op luukse-wetenskaplikes wat hulle eie kollegas nie weet te beskerm nie.

En een goeie dag was die probleem as't ware vanself opgelos. Die groot Duitse emeritus professor van Semitiese tale aan die Universiteit van München, die tagtigjarige prof. dr. Helmuth von Tshurtschenthaler wat deur sy jonger kollega's as reeds *vieux jeux* beskou is, het aangekondig dat hy die oplossing gevind het, en dat die probleem *an und für sich* nie 'n virologiese is nie maar 'n parapsigologiese. Hy bied aan om sy bevindinge aan 'n te belêe internasionale vakkongres mee te deel, en *net* aan so 'n kongres, omdat dit lewensgevaarlik is om die pers en selfs die vakliteratuur oor die aangeentheid in te lig.

Die koerantmanne was deur die aan die internasionale pers-agenture vrygestelde berig nie waffers geïmponeer nie, daar is in die Duitstalige pers smalend gepraat *vom alten Kauz in seiner Bude*. Uit piëteit het die professor se jonger kollegas hulle nie oor die saak uitgelaat nie, die oubaas was reeds ouderwets in sy gedagte-wêreld, en op slot van sake het hy tog in sy lang leeftyd 'n omvattende perspektief verwerf.

Die groot voorlesingsaal in Ettstrasze was stampvol taalgeleerdes en patoloë, en die internasionale persmanne was ook goed verteenwoordig toe die eerwaardige ou Duitse geleerde in sy manel en streepbroek aan die arm van sy opvolger aan die universiteit, prof. Correns, op die verhoog verskyn. Die voorstelling aan die gehoor was kort en bondig, daarna gee die voorsitter die woord aan die spreker, die tot legende geworde figuur van die klassieke Duitse taalwetenskap.

Prof. Tschurtschenthaler begin sy rede met die onvermydelike historiese inleiding waaruit dit onmiddellik blyk dat hy ook met

die nuutste vakliteratuur volkome vertrouwd is. Die tweede deel van sy betoog gaan oor die rol van die magiese in die Asiatiese oerthuis van die Indo-Europese volke, die *scientia arcana*, die towerkennis van die priesterberoep. Hy wys daarop dat die priesterstand hulle geheime, eie taal gehad het wat vir die volk volkome onbekend was. In die mond van die gewone man kon die besiging van dié taal nie alleen liggaamskadelik wees nie maar selfs letaal, dodelik. In daardie kongresse waarop die onverklaarbare sterfgevälle voorgekom het, moes diegene wat plotseling beswyk het so 'n letale woord gebruik het.

Dan trek die ou professor sy manelpante reg en gaan sit. 'n Veeltalige, gedempte gemompel kom van die geleerde gehoor totdat die voorsitter op die been kom en aankondig dat die saak ter bespreking oopgestel word. Van die patoloë kom halfverneembare uitroepe van protes. Die voorsitter gee die woord aan die patoloog uit Utrecht wat heftig te velde trek teen die beweerde uitwerking van die nie-ponderabele op die menslike gestel, en hy word onmiddellik opgevolg deur prof. Martinez-Garcia, die beroemde Chileense volkekundige wat van sy ervaringe onder die Indiaanse stamme van die Amazonas-gebied en van die besweringe van hulle toordokters vertel.

Die vergadering begin effens hand-uitruk, die voorsitter lui sy klok op die lessenaar en maan tot orde. Dan rig hy hom aan die redenaar en gee hom nogeens die woord. Kalm en waardig staan die grysaard op, leun sy linkerarm op die tafel en begin rustig die kongres toespreek. Hy herinner die gehoor aan die woorde van Dante dat die mens sy boesem moet ontsluit vir die waarheid wat *kom*, en aan dié van Goethe dat daar geen groter vyand van 'n nuwe waarheid as 'n ou leuen is nie.

'n Kort pousetjie. Dan gaan die redenaar voort. Galilei het die ware weg na die nuwe wetenskap aangewys: die sintese gegrondves op die eksperiment, die direkte waarneming; en uitgaande van die metode is hy bereid om voor die vergaderde kollegas deur die eksperiment bewys te lewer vir die nuwe waarheid: die fisiese, die fisiologiese uitwerking van die besproke woord. Hy gaan rustig sit, sluit sy oë, sit sy hande op sy knieë en sê:

„Vereerde kollegas, die verbode towerwoord met sy letale mag op diegene wat dit uitspreek, is . . .”

Die forse gestalte ondergaan ten aanblik van die aanwesiges 'n sigbare verandering, die kop sak op die bors, die hande verloor hulle stut op die knieë, die grysaard sak in-mekaar, en die redenaar het sy laaste rede uitgespreek. Die nuwe waarheid het sy eerste en blymoedige martelaar geverg.

## HET SCHILDERIJ

Wat heb ik met de zon verricht  
Die is nu zwart verbrand  
en de wolken hangen met blaren  
huilend in het druipend rood

Die mensen scharrelen de rest van hun leven samen  
haastig getoeter van vrachtwagens  
en tientallen waarzeggers wisten het reeds lang

Ben ik dan verantwoordelijk voor dit schilderij  
of zijn het: de wilde meubelen  
de waanzinnige buizen  
de steigerende schrijfmachine

En toch,  
tog slapen nog de vuile poppen van het atelier  
onzedig met hoge heupen op de tafel

## DE HEILIGEN

De wierookzwaaiers zetten aan  
Uit de eieren langs de weg kropen soldaten  
en uit de kabeljouwten kwamen priesteressen  
Ze sloten zich aan

En indien deze stoet de huizen raakte  
En indien wij allen kikkergezichten kregen

De trams staan ontspoord  
Het verkeer ligt stil  
Van glas zijn alle ogen  
en lang is de denkbeeldige winter

Nu stijgen de heiligen op uit de stad  
Gloeiend gaan ze boven de daken  
en in de wolken baadt hun kuisheid  
en verdrinkt in eeuwigheid  
met onder hen de sirenen van de aarde

En wij, wij zien de kathedralen  
en de meisjes vluchten als gekleurde doeken voorbij

## EIENAAR

My plaas se naam is Soetverdriet,  
my hart se naam is Dinamiet;  
een blink geluidjie sny die lont:  
die geelvink in die fluitjiesriet.

## WIEGELIED

'n Comic en 'n krulpitkers,  
'n kussing en 'n reiskombers,  
'n bui wat teen die ruite tik,  
'n bottel en 'n Bybelvers.

## COLOMBINE

Met rooigeverfde grinnik, bont kalot,  
speel ek en jy vir almal se genot,  
maar in die karavaan, gewas, ontklee,  
is hierdie spel maar blekerig en bot.

## TESTAMENT

Betroubare getuies het geteken  
— terwyl ek sterf — hier voor my op die deken:  
mý onrus gaan jy erf, en magtig word  
of het ek iewers my dalk skerp misreken?

## GESÊL

Kort anderkant Verlange lê 'n see  
waaroor die meeu hulle afskeid skree;  
klim jy net saam tot op die laaste duin  
en kyk hoe ek die brandertjies betree.

## GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in materie; ek glo in MY  
want, word die ashoop deur die wind versprei  
of doodgeblaas deur God, soos alle sterre,  
sal daar nog iewers hierdie lewe bly.

## PENSIONARIS

Die stewel van die poësie het my  
'n aantal balle oor die paal laat kry,  
toe breek 'n veter, maar ek sal nog steeds  
getrou as vlagman langs die kantlyn bly.

## HIPPIE

Die aardbol is nou dronk van L.S.D.  
Die firmamente stort, en ek daarmee.  
Oplaas is aard en hemel een, maar nou —  
na wie kan ek die voetbal skop of gee?

P. H. ROODT

## KORT SIKLUS

Jy ritsel in my oë  
kom, kind vat my hand  
bedek jou met 'n reënboog  
en luister terwyl ek brand.

Bind om my hals 'n paternoster van geluk  
Terwyl ek jillend die klawers pluk:  
Altyd oor die verlede;  
'n Dag en liefde gelede;  
En hou op om jou hart so droog te snik.

„Stiller sal die wêreld word'  
en só my deuntjie draai  
nie vir jou nie, nie vir haar nie  
maar vir Hom wat oor my oë waai.

## INTERLUDE

Voorlopig: een aand tussenin  
moes hy optree voor homself  
met rym, halfrym, binnerym et cetera  
en maak nestle-vinnig in 'n kits  
'n dol verwronge kwatryn.

En dink: die beelde dans nog  
mooi, wat van 'n vinnige analise,  
verantwoordelik miskien en met begrip:  
die eerste duiselende tog

nader haas 'n einde  
dus voorlopig stuiptrekkend sterf  
voor hy weer al asend swerf,

binne die later betreklike dink  
en stiller draf en hinke pink.

OORVAART NA VENESIË, AUGUSTUS 1966

„Daai ou bootjie lyk vir my maar klein,” sê my man wantrouig. „Kan hy ooit daar kom?”

„Hy gaan dan elke dag heen en weer.”

„Ek is nie baie lus vir hom nie.”

„Nou, daar is nie 'n ander manier nie.”

„Ons kan met die kar gaan.”

„Hoe miskien?”

„Oor die brug.”

„En myle loop van die parkeerplek af?”

„Mens kan seker 'n boot daarvandaan af kry.”

„Hoe weet jy? Hierdie een laai ons óp St. Markusplein af.”

„Nouja, ons sal seker maar met hom móét gaan.”

En so het dit gebeur.

Ons bly in die kamp by Fusina. Dis so twee myl oor die see na Venesië, wat vanaand skulproos in die laat lig op die horison lê.

Ek kan nie meer wag tot môre nie. Die bootjie se eerste vaart is om agtuur, maar ons sal kwart voor tien gaan met die tweede.

Dié Sondagmôre is ons nogal vroeg met kinders en al by die landingsplekkie. Eers toe die bootjie kom en ons wil betaal, verneem ons dat ons die kaartjies by die kampkantoor moet kry. Die signora en die bambini kan maar solank inklim. Gelukkig was daar meer onkundiges en die mans is op 'n draf daar weg na die kantoor.

Eindelik is almal terug en ons vertrek — 'n halfuur laat.

Teen hierdie tyd was ek self skrikkerig vir die klein bootjie, maar dit gaan so voorspoedig dat ek gou gerus word. Die see is stil hier en mens kan rustig jou medepassasiers sit en beskou.

Een van die bemanningslede neem sy gesin saam vir die dag.

Tipies Italiaans, is die vrou geset en lyk veel ouer as die omtrent dertig jaar wat sy waarskynlik is. Die baba se groot wa staan in die middel van die bootjie. Daar is ook 'n seuntjie van so vier jaar en drie sussies wat al klaar tekens toon dat hulle net so rond as hulle ma gaan word, afgesien van die oulike gesiggies. Kort-kort roep die ma of pa na die oudste dogter van omtrent twaalf jaar:

„Maria-Theresa!” en 'n mondvul Italiaans om na die baba of klein boetie te kyk.

'n Outokratiese Engelse oujongnooi glimlag uit die hoogte oor die manewales van die Italianers terwyl sy met haar bejaarde moeder gesels.

Daar is nog 'n moeder-en-dogter paar, stewige Franssprekendes uit België. Behalwe dat sy 'n later uitgawe is, is die dogter 'n presiese faksimilee van haar moeder. Die ou tannie



het haar rok onder 'n ent oopgeknoop en sit met haar swart onderrok oor die knieë, bene wyd uitmekaar teen die hitte.

Die see word besiger. Elke keer as 'n snelboot of groter vaartuig by ons verbygaan, moet óns bootjie amper heeltemal tot stilstand kom om te keer dat ons oorstroom word.

Volgens die vertrektye het ek uitgerekend dat ons binne 'n driekwartier by die St. Markusplein sou wees. Maar ons is nou al 'n uur op pad en vir my lyk dit of ons al verder weggaan! Ons begin onder 'n reeks lae bruggies deurvaar. Die motor word heeltemal afgeskakel en dan gly die bootjie stadig deur. Die passasiers raak ongemaklik stil maar probeer tog dapper voorgee asof daar niks skeel nie. Die kinders het egter minder selfbeheersing. Leon druk sy ore toe en Ilse pruil:

„Ek wil nie op dié ou klein bootjie ry nie.”

Waar gáán hulle met ons heen?!

En toe gebeur dit. Ons moet onder die soveelste lae, nou bruggie deur. En dié een is so klein dat ek sweer ons sit vas. Die skipper skree dringend op sy twee bemanningslede om nóg stadiger te kom maar . . .

„Ghwar!!” 'n Vreeslike slag. Die lampie lê stukkend op die vloer van die bootjie, maar ons is deur. Algemene verligting. Kwinkslae in hoeveel tale. Ek ys by die gedagte dat ons dieselfde pad moet terug. Ons is al 'n uur en 'n kwart op see.

Skielik is daar 'n stukkie land met geboue langs ons. Teen die gewels staan elke keer dieselfde naam: Murano. Dus bring ons eers 'n besoek aan 'n glasfabriek!

Net om die hoek kan ons vir 'n halfuur afklim. Die meester-glasblaser kom spesiaal Sondag vir demonstrasies, vertel een van die twee verteenwoordigers van die fabriek. Ná die behendige demonstrasie kyk ons na die glasware. Die groot Belgiese dame wil meer weet oor die kandelare. Alles is peperduur. Die meeste goed is uiters breekbaar, uit die aard van die saak. Die mooi, minder breekbares is te swaar vir die 44 lb. op die vliegtuig terug. Ek sien hoe die een man deur middel van 'n skouerophaling aan sy kollega oorkant die tafel beduie:

„Geen besigheid onder dié klomp nie.”

Ons ryg terug na die bootjie. By die deur staan die meester en smous met glas perdjies teen twintig sent stuk. Ek is bevrees hy het uit ons groep meer wins gemaak as sy werkgewers.

Op die bootjie verkoop Maria-Theresa se pa loutwarm botteltjies koel drank. Hy het darem 'n ou stuk na sak oor hulle. Maar dis warm, en ons drink.

Toe is ons weer aan die gang en nou gaan dit vinnig. Sondag het elke manlike Venesiër blykbaar 'n boot. Hulle vaar windmakerig, gewoonlik met 'n bewonderende nooientjie by. Die kinders vergaap hulle aan die asboot. Na nog 'n paar bruggies, gelukkig hoog en wyd genoeg, meer óns vas en klim af op die droommooie St. Markusplein.

„Môre kom ons met die kar,” sê my man beslis.

HET NIE 'N NAAM NIE

het nie 'n naam nie

roer nooit  
maak nooit  
'n geluid nie

kan nie gesien word nie

net soms  
gebeur dit:  
die winter en die wind  
begin waai  
jy luister  
luister  
die voetstap  
op die trap  
bly aanhoudend  
stil

en dan  
opeens  
is jy alleen  
en jy sien  
wat jy nie kan sien nie

VIR FRANZ KAFKA

jy  
het jousef voor die gereg gedaag

tog moes jy besef het  
'n advokaat  
se eie pleidooi kan nooit slaag

o Franz Kafka  
waar niemand  
ooit by 'n bestemming opdaag

kry ek die geloof  
dat God nog eendag weer  
met ons 'n wonder sal moet waag

## DIE GESELSKAP

die stilte van 'n groot vertrek  
waar die stoele en die tafels  
en ál die meubels  
praat en praat  
die aanhoudende geselskap

is daar 'n mens  
is dáár 'n méns in dié stíl vétrék?

## BALLADE VAN DIE EWIGE MINNAARS

toe hulle trou  
was die lewe daar  
„kom kyk na die somer  
kom kyk na ons jaar”  
o vir 'n gedig

in die blomtyd  
gaan hy vir haar wys  
sy noem hom Pappa en lag  
in Namakwaland die Paradys  
wat nog kan lieg

„Skat wat het van ons somer geword  
Skat wat het van ons jaar geword”  
„die lewe, my man  
is kort”  
die swaels kom terug  
een van die dae lief  
gaan die winter  
na die noorde vlieg

o vir 'n gedig  
wat nog kan lieg

MAJAKOFSKI VLIEGT OVER HET LAND(1)

De avondlucht bestond uit pastelkleuren. Zijn wijdopengespreide vleugels trilden doorzichtig als gaas wanneer hij sprak. Hij zweefde even hoog op boven de bomen, scheerde rakelings over enkele toppen, cirkelde een paar maal om een eenzame hoge kruin en daalde toen weer langzaam, met ingehouden hartstochten maar zielsgelukkig neer. Zijn snelheid nog opdrijvend, in een wolk van geelbruin stof, kwam hij dan aange-raasd, een knalrode sportauto, een modern monster met metalen schubben en een staart van rook en roet dat de rustieke schoonheid verslond van deze stille dreef van Emiel Claus.

Het landschap vonden zij uit naarmate zij verder reden. Met fijn geel zand vormden zij de duinen waar enkele ogenblikken voordien nog het eindeloze niets was en met donker vormden zij het water en met groen de weiden waartussen het water heel langzaam en aarzelend dit vlakke land aftastte. Af en toe lieten zij een lemen huisje, een langwerpige en laag en witgekalkt hoefvetjie neervallen tussen de weiden of aan de rand van de weg.

Helemaal alleen op de achterbank zat Majakofski, die vrolijk heen en weer huppelde en net weer een buiteling maakte tot hoog boven de telefoondraden die zoemend langs de weg meerenden. Zijn hoofd verdween even in een droefgeestige laaghangende wolk en even later zat hij met verdwaasde ogen en vochtige haren die in klissen over zijn brede schouders hingen weer op de achterbank, terug van een kortstondige reis door ruimte en tijd, door werkelijkheid en verbeelding. Hij nam nu een romantisch-gekwelde houding aan want hij wist zich een groot dichter die spoedig algemene erkenning zou verwerven.

Zal ik jullie mijn verhandeling over de zelfmoord in de literatuur voorlezen? vroeg Majakofski.

Vertel ons liever nog wat meer details over je puberteit, zei Henry James, die achter het stuur zat en die net heel mooi een moeilijke bocht had genomen.

(1) *Hierdie verhaal bevat die volgende verwysings na bekende figure uit die Europese literatuur en skilderkuns: EMIEL CLAUS (1849 — 1924) Vlaamse impressionistiese skilder wat veral skaduryke lanings tussen bome geskilder het; VLADIMIR MAJAKOFSKI, 'n Russiese digter wat in 1950 sy lewe met 'n rewolwerskoot beëindig het; HENRY JAMES (1843-1961) 'n Amerikaanse skrywer wat modernistiese spookgeskiedenis geskrywe het; KAREL VAN DE WOESTIJNE, die bekende Vlaamse digter wat die vers „Een ster, een klompen ijs tussen mijn hete tanden” geskrywe het asook die gedig: „Het Vaderhuis” waarin die vers voorkoms „in het huis mijns vaders waar de dagen trager waren.” Willem Roggeman, skrywer van die verhaal, is redakteur van die tydskrif KENTERING.*

Majakofski speelde weer met zijn trommelrevolver en in zijn ogen weldde de witte mist van het heimwee op. Hij droomde weer van de poesta en van de heroïsche tijden toen de Russische roulette nog een hooggeacht gezelschapspelletje voor enkele uitverkorenen was.

Ik werd geboren in celluloid, begon hij, ergens in een kolchoze in de eindeloze vlakke van Oekraïne. Mijn vader was een landbouwer, maar hij was ook een talentvol sociaal-realistisch schilder en in zijn vrije tijd heeft hij in menig reusachtig doek onze kolchoze vereeuwigd. Mijn grootvader daarentegen was een zanger, hij bezat een krachtige basstem waarmee hij deel uitmaakte van het koor van het rode leger. Hij had nog de oktober-revolutie meegemaakt, maar eenzaam, op een zolderkamer tussen boeken en muziekpartituren en met in zijn hoofd de echo van de gewerschoten. Nu was hij zelf gestorven, in een reusachtig bed, bijna zo groot als het grootste schilderij van vader, in een nis ergens in de kolchoze. Ik werd geboren in celluloid, maar toen ik twee maanden was, wierp een boze buurvrouw tijdens een ruzie met mijn moeder een brandende lucifer in mijn wieg en ik vlamde plots hoog op. Sedertdien ben ik van wit, bijna doorzichtig, maar uiterst breekbaar porselein. Op de dag dat ik veertien werd, heb ik de vernietigende kracht van mijn denken in werken gesteld. Ik ben er sedertdien steeds eenzamer door geworden.

Plots zweeg hij en keek aandachtig naar de horizon en het was net of hij in gedachten een voor ons nog onzichtbare stip naderbij haalde. Hij strekte bedachtzaam de arm uit, duwde de zon voorzichtig wat naar beneden alsof hij bang was haar te breken en glimlachte tevreden toen onmiddellijk daarna de duisternis begon in te vallen. De zon kleurde inderdaad oranje-rood en begon plots zwaar te wegen.

Henry James, verrast door het plotseling en onverwacht invallen van de duisternis, knipte in een reflexbeweging de stadslichten aan en duwde daarna wat harder door op de gaspedaal. De motor brulde even alsof er een tigger in de benzine zat, ronkte daarna weer vreedzaam en tevreden verder.

Dan beval hij met een sergeant-stem, vooruit Karel, maak jij nu ook eens even een gedicht. Ik dacht even na, fronste de wenkbrauwen en begon: Een ster, een klompen ijs tussen mijn hete tanden. Maar toen ik de kou voelde in mijn mond, zweeg ik.

Mooi, meende Henry James, zeer gevoelvol, mooie beeldspraak. Ik draaide mij half om, steunend met de elleboog op het kunssen achter mij en merkte dat Majakofski nu aandachtig zijn vleugels zat op te poetsen met mijn nieuwe tandenborstel.

Zal ik hem zijn touw weer omdoen, stelde ik Henry voorzichtig voor, maar deze scheen mijn vraag niet eens te horen.

Het hoofd van Majakofski was nu verdwenen achter de rug van mijn zetel. Het verscheen even later opnieuw met een omgekeerde fles Wodka aan de lippen. Zijn vleugels glansden zachtjes blauw terwijl hij dronk.

Toen hernam ook weer het gezoem. Zijn lippen begonnen te trillen en in zijn ogen werden wolkjes zichtbaar en kleine spiegeltjes. Toen moest hij zich wel heel prettig voelen want hij begon te fluiten van Seeräuber Jenny.

Ik herinner me nog duidelijk, begon hij weer, de dag uit mijn jeugd toen ik ophield met groeien. Een vreselijke dag. Mijn gewrichten kraakten dat heel de buurt het hoorde en ik voelde een scherpe pijn overal in mijn ledematen.

Hij aarzelde even, verschoof wat over de bank, zocht klaarblijkelijk nieuwe stellingen te bezetten alvorens tot de definitieve aanval over te gaan. Hij zoemde reeds iets hoger toen hij verder ging.

Het is geen prettig gevoel om je plotseling volwassen te voelen. Er is een zorgvuldige voorbereiding toe nodig. Maar zal ik jullie nu de formule van de gewichtloosheid verklappen? vroeg hij schalks, maar zijn stem klonk reeds uit de hoogte, vlak boven onze hoofden zweefde hij langzaam weg. Je vergeet je rood achterlicht, schreeuwde Henry James hem nog na.

Wij zagen hoe Majakofski steeds hoger ging zweven en hoe hij ten slotte een wolk raakte. Dan leek het of hij geleidelijk opgelost raakte. Eerst verdween zijn hoofd in de wolk en dan zijn schouders en zijn borst. Ten slotte bleven alleen nog zijn twee zwarte laarzen onderaan de wolken bengelen en het was net of de wolk zelf twee voeten had gekregen met zwarte laarzen aan. Toen ook de laarzen in de wolk verdwenen waren, weerklonk het schot. Majakofski had zelfmoord gepleegd. Het schot weerklonk als een soort donderslag en onmiddellijk daarop begon het heel hard te regenen. Henry James duwde op een knop en met een zacht geruis schoof het dak van de sportauto naar vóór, over onze hoofden. We hoorden de regen hard tokkelen op het hard gespannen zwart zeil. Voor mij ging de regenwisser heen en weer zoals de metronoom toen ik twaalf jaar was en moest leren piano spelen in het huis mijns vaders waar de dagen trager waren.

In grote snelheid trok een vlucht reigers naar het noordwesten, net zoals in een Russische film. Een landbouwer uit Sint-Martens-Latem zag de reigers overvliegen, dacht aan Wladimir Majakofski en prevelde een stille, nooit vernomen wens.

unchained melody

de muren treden stapvoets nader  
de ketenen aan deze handen  
bergen voorgoed een gelaat  
gebroken  
als de stille laveloze adem  
der ruïnes  
aan de randen  
der wereldsteden

berlijn  
de sneeuw van je treurig lied  
daalt in mij  
de winter  
zendt zijn sneeuwmannen uit  
zij dragen stalen helmen  
en zijn onze vrienden niet

i'll try for the sun

in dit huis  
uit de wederzijdse handen  
zo ontstond een kathedraal  
waarin wij beiden  
aan elkaar gewaagd  
god dachten te zijn

even maar zal blijken  
hoezeer wij het vuur bewoonden  
hoezeer onze bewegingen  
verbranden  
tot vingervlugge woorden  
en onderhuids de doodsklokken  
reeds weenden  
om dit verlate afsterven  
niet te overleven

laat mijn laatste adem  
dit zandkasteel niet  
verwoesten.

'N REISBROSJURE

vir u gratis verkrygbaar  
'n stad op glanspapier  
deur 'n lens van delikate glas  
'n vars resepe vir jou:

sypaaie wat soos wit papier  
oor persmasjiene rol  
robots wat groenoog knik  
slank geboue elk met spiraaltrap  
maar ook 'n museum  
(jy sien 'n Boesman in momentum gestol  
behoedsaam voor 'n gestorwe dier)  
en 'n ou Generaal van klip  
met 'n duif op sy skouer  
'n Volksgebou wat kyk oor  
'n stad  
jou stad.

'N EEND IN ISOLASIE

By die hek 'n kennisgewing:  
Geen Honde en Nie-Blankes toegelaat  
Kinders slegs met Bediendes  
Gesementeerde in blokke afgesny  
swaai 'n pad deur 'n mak oerwoud  
en draai volgens 'n plan om  
skoon dammetjies  
waar godwit eende  
met roerende sterte  
watertrap  
en ek sien een  
swart geveer maar 'n nek van sneeu  
grasieloos  
eenpoot en altyd half versuip  
'n eend in isolasie

Op die bank 'n plaatjie:  
Slegs Ou mense  
(Niemand sit ooit daar)  
Langs die pad staan die bome skouer aan skouer  
geplant en dikstam  
en om-geogiesdraad



Witkappie-bediendes en kinders  
op 'n bruggie van klip  
soos mense op 'n skip  
wat sakdoekies waai  
voordat serpentes breek

'n Ou man in die skaduwee  
van 'n gekleurde sering sonder plaat  
sy gesig is deur 'n LIFE oorvou  
'n Laaste gedagte flonker soos die Môrester:  
'n rusteloos-draaiende eend  
'n gekleurde sering sonder plaat  
en 'n ou man met 'n jong gesig

ons in isolasie

JULIA WEIGEL

EK VERDRINK

Ek verdrink in jou oë  
net waar ek gaan  
In die skadu van jou hande  
bly ek vir ewig staan  
Met die dagbreek van jou koms  
ontvou ek elke keer —  
In die skulp van jou liefde  
pêrel ek my neer

GEBROKE

Om my is daar dooie dinge  
en in my sterf iets stil;  
Oor dit waai daar koue winde  
en stadig breek my wil

ERIC PIJNAKEN

## GEEN GORDEL

Jona  
een grasveld  
zichtbaar is de  
onderkant van vierkante stenen gebouwen van  
baksteen  
die gegroepeerd staan om het grasveld heen  
hij zit ongeveer in het midden van het grasveld  
kijkend naar een van de stenen muren  
zeker al een uur zit hij zo te kijken  
zijn benen liggen overelkaar gevouwen, zijn armen zijn  
overelkaar  
geslagen alsof hij in een schoolbank zit

Er valt zonlicht op het gras dat steeds weer weggeschoven wordt door wolken. Duiven draaien rondjes in de lucht, maar hij ziet het niet. Hij kijkt niet verder dan de onderkant van de gebouwen die van bruin baksteen zijn opgetrokken. Zijn gedachten zijn bij de stenen die rusten op het gras. Zo lijkt het. Die grashalmen tillen de stenen omhoog, naar waar hij niet kijkt en waar nog hoger alsmaar de duiven vliegen. Soms gaan zijn benen tintelen. Dan wrijft hij ze zonder ernaar te kijken tot het bloed weer in voldoende mate doorstroomt, de prikkeling van de zenuwvezels verstilt. En hij denkt er eigenlijk niet aan dat zijn benen tintelen; als vanzelf bewegen zich dan zijn handen terwijl hij gekonsentreerd blijft op die grashalmen en de stenen. De voegen zijn duidelijk te onderscheiden. Op de voegen komt het aan en op de grashalmen die het alles moeten dragen. Hij wordt zelf ook door de grashalmen gedragen.

Ze zijn sterk, ze houden hem boven de grond, precies zoals hij wil. Ze zijn zijn bondgenoten, en ook van de gebouwen waarin hij geen hart kan ontdekken, die hij niet begrijpen kan. En hij kijkt maar en peinst erover hoe de stenen aanelkaar konden groeien. Er is geen kern te ontdekken, geen punt van waaruit de stenen tot gebouw konden groeien, en alles moet toch vanuit één punt groeien. Alleen dan is het sterk, zo sterk als de grashalmen die uit hun wortels omhoog schieten, die alles en iedereen kunnen dragen. Misschien heeft het gebouw ook wel wortels en zal hij diep moeten graven om te zien of van daaruit de stenen naarboven gegroeid zijn. Maar nee, immers het gras draagt de stenen, het gras maakt het mogelijk dat het gebouw boven de grond uit blijft steken. Hij kijkt hoe het gras begint bij zijn benen en volgt het tot daar waar het tegen het gebouw groeit als een zoom, als een rand om een hoed.

Hij wordt moe van het denken. Het gras moet hij wel vertrouwen. Als hij het gras niet zou kunnen vertrouwen zou hij verloren zijn. Ieder ogenblik zou hij immers diep weg

kunnen zinken in de aarde. Zijn wil zou niet sterk genoeg blijken om zich er bovenuit te vechten, altijd maar door, en hij zou wegglijden terwijl het gras zich boven hem sloot. Hij mag daar niet aan denken. Het gras is te vertrouwen; het gras is veilig en zal hem blijven dragen. Immers hij heeft een hart waaromheen hij uitgegroeid is, en alles wat een hart heeft wordt gedragen. Maar het gebouw dan?

Waar is het hart van het gebouw? Alles lijkt levenloos en zonder adem, zonder beweging. De stenen kijken wel maar zonder blik, zonder warmte; een volkomen afwezigheid. Toch sal hij moeten onderzoeken of de stenen een hart hebben. Het kan niet dat het gras iets draagt dat geen hart heeft. Hij heeft in de stenen geen hart kunnen ontdekken. Zullen ze dan niet wegzinken en plaats maken voor meer gras? Steeds meer gras voor dingen die een hart hebben? Of zou hij zelf geen hart hebben, en de stenen wel. Zou hij zich zo vergissen? De gedachte obsedeert hem. Al meer krijgt hij het gevoel dat hij moet onderzoeken wie een hart heeft: hij of die stenen. Hij moet zekerheid hebben; hij moet weten waar hij aan toe is. Het is niet mogelijk nog langer te blijven stilzitten en kijken naar de stenen die hem niet antwoorden daarover, die sluw hun geheim bewaren en hem steeds onzekerder maken. Hij staat op, wankelend en duizelig door het lange zitten. Hij twijfel of het gras hem nog wel zal houden. Als hij voorover neer valt merkt hij dat het zo is; hij blijft nog aan de oppervlakte, hij zinkt nog niet weg, hij heeft nog een kans om na te gaan wie een hart heeft.

Met inspanning kruipt hij weer overeind en loopt dan voorzichtig, als een slaapwandelaar, naar de stenen van het gebouw toe. Ze zon lijkt nu voorgoed te zijn doorgebroken. De warme stralen drukken op het grasveld, op zijn schouders, morsen tegen de stenen die hij nadert. Hij staat nu vlak voor de muur. De ruwe poreusheid van de stenen is duidelijk te onderscheiden, het slordig tussengevoegde metselwerk.

Met zijn handen voelt hij over het oppervlak. Het is hobbelig en zuigerig, er gaat iets levends van uit. Iets levends? Maar dan heeft hy zich vergist, dan heeft het gebouw een hart, verscholen achter de huid van steen, misschien wel het steen zelf. Hij beukt erop met zijn vuisten; hij wil de stenen pijnigen, een beweging uitlokken, een roep. Alles zwijgt. Is hij het dan die geen hart heeft? Hij bijt in de muur; vocht en gruis kleven aan zijn gezicht. Het gras zal hem verstoten; hij weet het zeker; hij is ontmaskerd. Hij wordt kil, hij merkt hoe warm de muur is, hoe hij klopt als een hart. Het gras wordt zacht onder zijn voeten. Het opent zich om hem te laten wegzakken. De aarde is warm, het gras is warm. Alles leeft terwijl hij de duisternis in zinkt.

DIANA FOURIE

NOU WAG EK

*vir ronel*

ons het gister met 'n siestogkarretjie  
ag siestog gery  
vol van jammerklagte  
en alles-vergeet

(wanneer ons skei sal dit wees  
soos ongeopende deurslagpapier)

nou is daar nie meer troos  
in my deurslagpapier nie  
en ek wou jou nog gevra het  
van ál die nuwe modekleure

nou wag ek

\* \* \*

my ma het oorkrabbetjies  
gemaak van my trane  
vir 'n verjaardaggeskenk  
vir my;  
vanoggend weer het sy my  
tot trane gedwing  
omdat sy nie kon verstaan  
hoekom my appelboom  
nie net appels dra nie  
maar blare ook.

daar's iets dieper  
agter my moeë gesig vanaand —  
my moeë gesig wil nie vyf gesigte  
wees nie.

*Ons besit net dit was ons in ons het.*

*Hendrik Prins*

MARLISE JOUBERT

TWEE GEDIGTE

nou weet ek nie meer  
goggabie  
van geure tussen bome  
of speelse kaggeltjies  
as winde  
sagte riffels maak  
ag sommer lankal  
weet ek nie meer  
of jou hande  
die aarde skenk  
selfs van rose weet ek nie  
kleure het my oë verlaat  
goggabie  
jy het dan sommerso  
met die son verdwaal  
en nou weet ek  
mooi niks nie meer  
van niks af nie

al sou jou mond nie praat  
jou oë weet dit nog  
agter in die donker agterkamers  
van jou hart as dit soet is  
of dalk jou sonde

jy weet van my stilte  
maagdelik bang  
soms as ek kranse  
neerlê  
vol drome gevleg  
op die verganklikheid  
van ou vertelsels

so weet jy ook  
met jou liggaam op wag  
waaksaam  
om my heel te hou  
van my liefde soms ouderwets  
wat nou eers hoopvol hang  
swaar soos silwer sierade  
wit en helder verlig  
in koperfakkels van jou jare

al sou jou mond nie praat  
jou oë weet dit nog

## HERORIËNTASIE VAN ONS KRITIEK II KERNGEBREKE EN -MISVERSTANDE

In ons regstelsel het 'n regter die mag om 'n misdadiger te straf, maar hy kan nie willekeurig 'n moordenaar vry-spreek of 'n onskuldige burger laat doodmaak nie. Hy kan hom nie vir geld laat omkoop, of 'n uitspraak gee met die opset om sekere handelsbelange te bevorder nie. Hy kan 'n persoon ook nie in geheim veroordeel, of sonder om sy vinger op die getuieis en die wetsartikel wat die verhoorde skuldig of onskuldig verklaar, te lê nie. Dit móét in die openbaar geskied en daar móét 'n advokaat wees.

In ons letterkunde word 'n geestelike doodvonnis deur 'n naamlose keurder oor 'n skrywer uitgespreek — en daar kraai nooit 'n haan na nie. Daar is ook geen appèl nie. Andersom word 'n prulskrywer met 'n naamlose kruiwa in ons kultuur ingesmokkel, opghemel, geadverteer en gepropageer — nie omdat sy werk kuns is nie, nie omdat dit literêre, filosofiese of wetenskaplike waarde het nie, maar omdat dit kammalielies modern, vernuwing, Italiaansagtig of Freudiaans is, of omdat dit skokkend is en dus vir 'n kommersiële uitgewer winsgewend sal wees.

Hier volg die oeroorsake wat tot hierdie skandelige volks-ramp gelei het:

1. Die eerste dwaling wat soos 'n kanker op ons literêre denke ingevreet het, en dit tot ondenke laat ontaard het, was die ongeluk wat iemand die woord *Dertiger* laat saamflans het om vier outeurs wat voorheen as „die jongeres” bekend was, mee saam te hok. Nie een van hulle is in 1930 gebore nie, en nie een het bloot tussen die jare 1930 en 1939 geleef of gewerk nie. Nie twee van hulle het dieselfde persoonlikheid, beskouing, tema of styl nie. Let op: die benaming beduie presies tien, nie 9, 11, 21 of 32 nie. Die statisties-wiskundige kanse dat dit korrek kan wees, is een uit tallose miljoene, d.i. nul.

Sedertdien het die tiendelige generasiefikasie aangeteel en misgeteel, sodat Opperman 'n *Veertiger* en Rabie 'n *Sestiger* gedoop is. Tot 'n mate verdien 'n sekere hedendaagse klompie skrywers die laaggenoemde skeldnaam, want hulle het hulleself in hulle tipies Afrikaanse ondenke so laat noem. Daardeer is hulle almal, skuldig en onskuldig, oor dieselfde kam geskeer en met vûil seks gekoppel. Dié soort seksskrywery is toe *vernuwing* genoem.

Danig nuut was dit egter nie, want seksbewuste literatuur is 2000 jaar ouer as die drukpers en 3000 jaar ouer as die moderne geelpers. Dink maar aan die meesterlike kortverhaal *Juda en Tamar* in Genesis 38, waarin ou Juda as skynheilige

huigelaar ontmasker en twee uitverkore stamme uit 'n doelbewuste vrou gebore word. Dink aan Salomo, Sappho, Boccaccio, Chaucer, Shakespeare, Casanova. Dink aan die falliese godsdiens van sommige Indo-Germaanse oerstamme, asook die Egiptiese maangodsdiens wat soveel onuitwisbare invloed op ons kerkargitektuur en monumentboukunde uitgeoefen het — invloed wat onbewus en ongemerk in die heilige skilderkuns van Angelo en die Maria-gedig van Eybers ingelyf is.

Seks is 'n feit. As feit is dit waar, en waarheid is die hoofdoelwit nie net van wetenskap en wysbegeerte nie, maar ook van letterkunde. Seks is mooi, en as skoonheid val dit direk op die terrein van die kuns.

Seks — gesond of besmet — het niks met 1960 te doen nie. Dis niks nuut in enige letterkunde nie — beslis ook nie in Afrikaans nie. Lank voor 1960 het etlike groot sekstydskrifte in Afrikaans *geflorieer*; maar tipies van die Afrikaanse ondenke is die kernmisverstand dat letterkunde konsuis net dit sou wees wat in gedrukte boekvorm sou bestaan. Asof een enkele van die Griekse, Latynse en Hebreëuse meesterwerke ooit in 'n ander vorm as manuskripte vir duisende jare her oorgelewer was! In kulturele en in psigologiese realiteit was die sekstydskrifte fundamentele aanvoorwerk, soos 'n voorbrand.

Wesentlik is daar geen prinsipiële andersheid tussen die tydskrifvorm van vroeër en die boekvorm van later nie. In die tydskrif was die grondliggende ateïsme onuitgesproke, in die boekvorm is dit bietjie uittartend, amper militant. Sulke oppervlakkighede maak egter geen wesentlike verskil nie. Alle sekskuns is òf afgodies òf antigodies. Al twee die uitingsvorme kan egter esteties, wetenskaplik en wysgerig geregverdig word. Dit geld ook vir gedeeltes van die Bybel, soos *Hooglied*.

Ek suggereer nie dat die grondliggende ateïsme goed of sleg, goorloof of ongeoorloof is nie, want ook dit is 'n normale verskynsel in alle kulture en literature op aarde. Hier word geen oordeel oor feite gevel nie. Selfs in die oënskynlike hiper-godsdienstige Afrikaanse letterkunde vind die fynproewer simptome daarvan in die werk van Eugene Marais, Jan Celliers en Toon van den Heever. Daar is dit egter so veredel en verfyn dat dit onsigbaar bly, en my leser is vry om dit te betwyfel.

Opregte seksbewustheid gaan terug in die westerse kultuurgeskiedenis na ons voorouers se vaderlande toe, en nog veel verder terug na die oeroorsprong toe, toe los atome op skynbaar onverklaarbare wyse chemiese kettingpatrone begin vorm het, wat later eensellige diertjies sou word — lewensvormpies wat soms nie eens 'n uur geleef het nie, en tog die fakkel van lewe aan die volgende geslag oorhandig het, om dit op sý beurt te oorhandig. Van geslag tot geslag reik dit oor triljoene, kwadriljoene en kwinteljoene mikroskopiese generasies heen; reik dit ook in die makrokosmos oor sterrestelsels van onbepaalde

ligjare se vertes heen — nie vir 'n mikrominuutjie onderbroke nie — getrou aan die grondprinsiep wat die Skepper in die wese van stof ingeskape het.

Sou sulke groot en grootse dinge nou skielik in 1960 op die ruwe wenk van 'n rou skrywertjie elke tien jaar vernuwe en iets snaaks word, wat nie gister en eergister en in alle ewigheid daar was nie?

Uit die woord *Dertiger* het verreikende misverstande ontstaan, wat die betrokke persone so veronreg het dat hulle uiteindelik herwaardeer sal moet word. Toekomstige kritici mag *miskien* bevind dat Van Wyk Louw daardeur te hoog en W. E. G. Louw te laag geskat is, of dat Eybers daardeur tot die allereensaamste literêre vreemdelingskap geballing is. Niemand kan op hierdie oomblik voorspel wat sal uitkristalliseer wanneer al die doolhowe van mistastinge en wanvoorstellinge verwyder word nie. Dis egter seker dat hulle nie net in die jare dertig nie, maar óók in die jare veertig, vyftig en sestig goeie werk gelewer het. Hulle is in werklikheid nog steeds die jongeres van destyds wat „die oueres” van vandag geword het. Feit is: hulle is onvervangbaar, en dus ondateerbaar.

Die desimale generasiefikasie het van erg na erger ontwikkel. Vandag is *Sestiger* so 'n skelwoord dat 'n kommentator voortaan eers skriftelike toestemming van 'n skrywer sal moet verkry om hom so te noem; anders mag hy vir laster gedagvaar word.

Die *Dertiger* se literêre betekenis is deur sulke idiosie uit verband geruk, ook uit hulle eie dekade uit. C. M. van den Heever was in 1930 op sy fleur, 'n forsgeboude, mooi, jong man, nog nie eens hoogleraar nie, en, wat meer is, 'n onop-sigtelike beskermer van die Louws, Smit en Eybers. In ware literêre werklikheid het C. M. van den Heever en N. P. van Wyk Louw as tydgenote, sy aan sy, *die terrein van universele kuns betree*. *Somer* en *Raka* verskil van die werk van Celliers en Malherbe hierin dat dit nie meer volksletterkunde is nie.

As u wil groepeer, klassifiseer of dateer, onthou dan tog die eeuoue wet van Hamoerapie: Jy mag nie 'n perd en 'n os in dieselfde juk span nie. En as u tot die klas behoort wat haastig en halsoorkop besluit dat al wat oud is verouderd is, loop dan na 'n hoogleraar in die Logika, die Dierkunde of die Botanika en vra dan hierdie moderne deskundiges hoe geklassifiseer word.

*Raka* is nie 'n Afrikaner karakter nie, nie 'n stoere ou Boer of 'n patetiese armblanke nie. Hy is ook nie 'n Muntu (Bantoe) nie. Hy is 'n universele wese, primordiaal en voorhistories; dus internasionaal, ewig en tydloos. Dit is hy in die sin waarin u en ek en elke mens op aarde, uitgesonderd Christus en Sokrates, en insluitende Ghengis Khan, Brutus, Nero, Stalin en Tsafendas, steeds daardie primordiale karaktertrekke in sluimerende vorm in ons eie siele voortplant — sluimerend maar



nie dood nie, met die gevolg dat hulle soos 'n funksielose blindederm hulle draers kan vernietig en rampe oor ander mense en volke kan bring.

Dit is mutatis mutandis óók die geval met die vae hooffiguur en die onsekere atmosfeer van *Somer*. Daarom is dit *myns insiens* foutief om Van Wyk Louw met Leipoldt te vergelyk en te beweer dat hy groter sou wees. Ek vertrou nie die logika wat onvergelykbaarhede vergelyk nie. Vir my is ons groot skrywers almal ewe groot. Die heel grootste — óns Shakespeare — behoort nog tot die toekoms. As ons begin vergelyk, waar gaan dit ophou? Dan moet Van Wyk Louw met Goethe en Van den Heever met Couperus vergelyk word. Persoonlik pleit ek dat elke skrywer op eie meriete en met homself as maatstaf beoordeel moet word. Om hom te vergelyk beteken dus eintlik om hom met iemand anders as maatstaf te meet, wat inkonsekwent sal wees.

C. M. en N. P. kan egter in een asem genoem word, nie as *Dertigers* nie, nie as gelykes nie, nie as een meerdere en een mindere nie, maar as universaliste en internasionaliste. Anders as C. M. se ander romans is *Somer* so universeel dat dit in enige taal geskryf kon gewees het. Dit beteken nie dat *Somer* om hierdie redes 'n *groter* kunswerk as *Op die Plaas* is nie, dit beteken net dat dit op 'n ander terrein beweeg.

*Somer* en *Raka* het nie 'n nuwe tydperk in ons letterkunde ingelui nie, maar 'n nuwe stroming — 'n gestalte wat ewig en tydloos is en met 1930 absoluut niks uit te waai het nie; 'n gestalte wat vandag in 1967 hoegenaamd nie verouderd, of outyds, of uittyds is nie.

C. M. het oor baie jare sy hele karakter stadig maar seker op universalisme ingestel. Hierdie groot man was sigbaar bly toe ek eendag vir hom sê: „Professor, ek kan nie met Afrikaans dweep nie, miskien omdat ek heelwat ander tale ken, maar *Vuurvlieg en Sterre* lyk vir my tog ampertjies soos kuns.” Byna net so ondeund antwoord hy: „Praat van die duiwel, dan trap jy op sy stert! Kan u dit vir my lees, asseblief? Dis *Vuurvlieg en Sterre*, in 'n wildvreemde taal wat ék nie ken nie. Die vertaler skryf my hy het dit so algemeen-menslik gevind dat hy dit in sy eie moedertaal móés publiseer!”

In die jare dertig moes ons nog handhaaf en bou, en ons lettere meer en meer tot internasionale peil probeer ophef. Ons moes met opgerolde moue en leë beursies veg om Afrikaans as taal aan die Rand gerespekteer te kry; en ons hewigste gesukkel was met mede-Afrikaners wat wou verlore gaan, wat verdwaal, verdwaal en verengels geraak het. Die medisyne teen hierdie volksgevaar was ons leuse:

### AFRIKANER WEES JOUSELF!

C. M. en N. P. se kunswerke is bewus of onbewus uit hierdie leuse gebore. Hulle moes leer om hulleself volkome eg en opreg te wees, maar vóór hulle dit kon doen, moes hulle eers

leer om groot geeste te wees. Dit was die literêre siel van die dertiger jare en dit staan bo alle generasiefikasie verheue, as 'n heilige volksideaal. En as ons ooit ons letterkunde uit die omstrede moeras van die dag wil uitred, sal daar net een weg wees: die Afrikaner in die algemeen en elke skrywer in besonder sal weereens homself moet wees. Dit sal in die toekoms egter veel moeiliker wees as in die verlede; want ons hele kultuur sal 'n geestelike rewolusie moet ondergaan.

Dis wetenskaplik onjuis dat ons letterkunde op een stadium uit een horisontale snit van Dertigers — iets soos die lit van 'n riet — sou bestaan het. Vandag bestaan dit ook nie uit 'n rietlit van Sestigters nie. Dis veel ingewikkelder as 'n skrale rietjie wat elke tien jaar een litjie bo-op die bestaande litjies sou aanwas. Dis eerder soos 'n bos met baie takke. Nog 'n beter geheelbeeld van die Afrikaanse letterkunde is 'n oerwoud waar alle soorte mak en wilde vrugte spontaan opskiet. In so 'n paradys groei daar kruid én onkruid; doringstruik, brandnetel en gifplante naas die vir die mens waardevolle gewasse. Die bome van goed en kwaad, lewe en dood staan daar deurmekaar.

Daarom pleit ek dat die misleidende woorde *Dertiger*, *Vertiger*, en *Sestiger* uit ons kultuurtaal verban word. Die nuwe woorde seksig, seksiger en sekstiger wat nuusmanne spesiaal geskep het om in 'n aktuele behoefte te voorsien, mag egter kragtens hulle filologiese funksie tot ons literêre termeskat toegelaat bly.

Elke Afrikaanse skrywer moet — alleen en eensaam — op eie meriete en met homself as maatstaf beoordeel word. Letterkunde word nie in desimale soos kilogramme gedink nie, maar in stroming en gestaltes, invloed en agtergronde, wat oormekaar, langsmekaar en deurmekaar vloei en vleg, soos drade in 'n weefsel. Soms is 'n skrywer se werk 'n goue draadjie, soms silwer, koper of yster, maar dis altyd *individueel*, *eg* en *suiwer* *homself*. So is alle kultuurgedraginge van geletterde en ongeletterde rasse; so is alle kunswerke — die modernste gedruktes sowel as die oudste geskryftes; die wat in tydskrifvorm sowel as die wat in boekvorm verskyn; die wat mondelings in openbare toesprake of privaat in briefwisselinge tussen digters en denkers ontstaan, ook die wat in dramavorm vertoon of in koerante gerapporteer word. So is die hele kultuur, wat as agtergrond en ondergrond daarvoor dien.

2. Die tweede kerngebrek is 'n morele tekortkoming: gebrek aan persoonlike verantwoordelikhedsin. Dit gaan, soos 'n Siamese tweeling, gepaard met 'n intellekteule tekortkoming: gebrek aan persoonlike gesag wat uit langdurige, deurdringende studie en intense lewenservaring spruit.

In die vorige hoofstuk is gepleit dat elke skrywer onvoorwaardelik gehelp moet word om so te skryf soos sy eie gewete hom leer en sy eie talent dit uitvoerbaar maak. Hierdie stelling

impliseer nie net vryheid nie, maar ook verantwoordelikheid.

In die ou kritiek-bedeling was dit maklik vir 'n skrywer om sy gewete te salf en vet om leke se oë te smeer met bedrieglike voorwendels soos: Ek het volgens die skool van X, die styl van Y of die wêreld- en lewensbeskouing van Z geskryf. Daardie instansies is verantwoordelik, nie ekselief nie. So het die Fariseërs in die tyd van Christus altyd valse ekskuse voorgedou. Hulle doen dit of dat, want die wet van Moses sou so sê. Maar, selfteenstrydig soos alle valsheid altyd is, doen hulle presies die teenoorgestelde van wat die gees van die wet beveel. Een van Moses se gebooië lui: Jy mag nie steel nie; maar Christus bevind dat hulle weduwees en wese onder die dekmantel van godsdiens besteel. Hulle steel dus wel, hoewel hulle met Moses dweep.

Gevolglief, toe mense mooi begin luister hoe en wat Christus praat, toe sê een baie intelligente persoon: „Is dit nie snaaks nie? Hy praat met gesag!” Die intelligente persoon het die geestelike kontras opgemerk en hy bedoel: Hierdie Man praat met eie gesag, eie grootheid, eie eerlikheid, eie opregtheid — nie met skelme geskuil agter of listige geskuifmeul met wette, tradisies, gewoontes en oorleweringe nie. Hierdie Man dink vir homself; Hy is homself; Hy is 'n oorspronklike navorsers, oorspronklike digter.

Vandag het ons presies so 'n verrotte toestand in ons letterkunde as dié wat in die Joodse godsdiens geheers het toe Christus die Fariseërs en Skrifgeleerdes se valsheid in Mattheüs 23 ontmasker het. (Lees die hoofstuk asseblief self, want daarin sal u 'n spieëlbeeld van u eie kultuur kry.)

In die eerste artikel van hierdie reeks het ek vyf wette van ons literêre fariseërs weerlê. Daar kon vyftig aangehaal gewese het, as hierdie tydskrif so dik as die groot Afrikaanse Woordboek was. En ons arme moedertaal is die slagoffer van die literêre wetskultus!

In die nuwe kritiek-bedeling sal 'n skrywer (net soos dwarsdeur al die eeue in al die tale se groot literatuur) volgens sy eie, diepste, unieke sielsaard en oortuigings moet bief. Ons gaan, ná al die onaangename ontnugteringe, terug na die leuse: Afrikaner wees jouself! Moenie 'n nagemaakte Engelsman probeer wees en jou verbeel jy is Groot nie. Die Engelse sal jou vir die vuilwerk van hulle geldryk gebruik, maar as mede-Engelsman aanvaar? Nooit nie. Daarvoor verag en minag hulle jou te veel. En by jou eie volk sal jy self vanself lewenslank ontuis voel. Jy sal nergens ooit 'n geestelike tuiste vind nie. En my vriend, die Duitser, die Spanjaard, die Portugees en die Fransman is nie makliker om ná te maak nie. Dis oneindig makliker, hoewel daar minder geld in steek, om jouself te wees. As jy dit nie eens kan wees nie, hoe sal jy iemand anders wees?

Ons pleit dat elke skrywer volgens sy eie gewete, dit is sy eie onvervalste self, moet skryf omrede: Al kan hy al die naïewe

professore en elke leser bluf, sal hy sy eie gewete nie kan blinddoek nie. 'n Normale mens weet ontwyfelbaar goed wanneer hy toneelspeel, of wanneer hy 'n lekemedemens se geld steel deur waardeloosheid aan hom te verkoop. Hy weet ook dat daar nog seweduisend in ons land is wat nie die knie voor Baäl buig nie, en wat hy dus nie kan bedrieg nie.

Die vryheid wat veronderstel is in die stelling laat elke skrywer volgens eie gewete en talent skeep, word nie verkry deur onvolwasse geeste wat lawaaierig norme verwerp nie. Dis niks om 'n norm te verwerp nie. Dis egter 'n onbegonne taak om 'n nuwe norm in die plek van die oue te plaas. Bandeloosheid was nog nooit vry nie. Vrijheid mint de wetten. Die geskiedenis is vol voorbeelde waar vryheid bolmakiesie geslaan het en in slawerny ontaard het. Ware vryheid sluit respek in vir die regte van ander individue en van die volk en die staat. Sonder respek kan daar geen selfrespek wees nie, en sonder selfrespek geen persoonlike vryheid nie.

'n Gedig ontstaan nie wanneer 'n jong mens woorde een-een onder mekaar plaas nie. Hoekom doen sommiges dit? Juis omdat hulle nie vry volgens hulle eie oortuiging, kennis of insigte handel nie, maar slaafs volgens 'n heersende kode, dogma, teorie, skool, dekade, misverstand of misrekening, waardeur hulle hulleself bluf; m.a.w. juis omdat hulle nie 'n verfynde, deurdagte, eie literêre gewete besit nie. Die feit dat party van hulle poog om hulleself te groepeer, skeep die pynlike indruk dat hulle nie gesagdraende, selfstandige, verantwoordelike enkelinge is nie, maar kuddemense of massaskrywers wat soos 'n klomp skape in 'n lewensbeskoulieke krisis rondmaal.

U moet asseblief nie my definisie van vryheid glo nie. Raadpleeg die groot denkers, digters en wetenskaplikes van ander lande. Maar u moet hulle ook nie glo nie. Studeer self, worstel baie jare lank alleen; veg, stry, werk, tot u dood is of tot u self uitgevind het en ervaar het wat geestelike grootheid is.

Vryheid stel die eis aan die outeur dat hy homself van homself moet bevry; dat hy innerlike harmonie in sy eie siel moet uitbeitel, en steekhoudendheid in sy eie verstand moet opbou — opbou met vereelde hande en gedurende jare van sielsmarte en liggaamspyne, hewige versoekings en bittere teleurstellings, eensaamhede en verstotelingskappe. Hy sal sy eie gees moet groot maak, opvoed — groot deur die beoefening van wilskrag, selfbeheersing, selfrespek, selfondersoek, selfkennis; ook deur die uitoefening van respek, liefde en trou jeens ander, en deur gratis liefdesdiens aan sy medemens, volk en ras.

As hy so uitsonderlik gelukkig is om daarin te slaag, kos dit hom 'n halwe leeftyd van sweet en swoeg, dink en doen, oorwen en verloor; van vervolging en agtervolging trotseer, van hoë poste se gerief en gemak ontbeer — jare en jare van buig en buk en breek en tog heel bly. Maklik en goedkoop is dit nie. Geen jong skrywer hoef hom te verbeel dat hy dit alreeds

besit nie. Hy kan hom liewers verbeel dat hy 'n miljoenêr is en fantastiese tjeks kan uitskryf, net so maklik as wat hy meen dat hy kunswerke kan uitskryf.

Vier uit vyf Afrikaanse boeke is geestelike tjeks deur persone geteken wat geen morele of intellektuele bankrekening het nie.

Intellektuele vryheid is nie net sosiale gestoei teen die norme van dooie mense of die dogmas van letterkundige fariseërs nie. Dis veel eerder 'n sielstryd teen eie swakhede en innerlike selfverslawinge, teen selfbedrog en eiewaan, teen verborge griewe en minderwaardigheidskomplekse, teen eie onkunde en vooroordele, eie kleinlikheid en kleinheid.

'n Domastrante jong vuurvreter kan ou mense uittart deur punte en kommas weg te laat, maar hy bly gebonde; want hy doen dit in Afrikaans — 'n taal wat hy nie self gemaak het nie, met 'n pen op papier wat hy nie ontwerp het nie, met die krag van energie in sy vingers wat sonlig en bladgroen saamgestel het, en met 'n klein breintjie wat ontstaan het uit chromosoompies wat voor sy geboorte toevallig in 'n bevrugtingsproses beland het.

Ek skimp nie op dié persoon of daardie groep nie, want in hierdie artikelreeks sal nie gediskrimineer word nie. Wat hier bo staan is onweerlegbare waarhede wat op elke en enige skrywer, ekself inkluis, van toepassing is. Ek sinspeel nie op Rabie, Brink of Leroux nie, want daar is baie sondaars: ons kultuurleiers, ons dosente, ons predikante, ons hele volk. Van al hierdie sondaars sal in die volgende artikels verantwoording geëis word. Hier sal net met een soort gehandel word.

Dis die naamlose keurders wat ons skrywers se manuskripte in geheim lees en by die uitgewers aanbeveel of afkeur. In hulle naamlose verslae meet hulle dikwels soos geveinsde fariseërs met maatstafies, wetjies, reëltjies, dogmatjies, bygelofies en vooroordeeltjies wat hoegenaamd geen estetiese, filosofiese of wetenskaplike geldigheid besit nie. Dis maatstafies soos: *daar moet 'n klimaks wces*. En ás daar 'n klimaks is, al is daardie klimaks 'n vulgêre wild-west-boeftoneel, dan word dit vir publikasie aanbeveel en die eindresultaat is dat die Hertzogprys *per abuis* aan die klimakshebbende gewroeg toegeken mag word.

Die nuwe literêre bedeling hou ook naamloses verantwoordelik. Hoe, as niemand weet wie hulle is nie? vra u. So: stel u voor u lees 'n prosaboek soos ek gisteraand gelees het, 'n boek waarvan 'n blinde ou meid met 'n stok kan voel dat dit 'n prul is, dan ontstaan die vraag outomaties by u: Wie was die naamlose kritikus, lektor of professor wat dit vir publikasie aanbeveel het? Wat was sy redes en beweegredes? Watter drogredenasie het hy die uitgewer voorgetower? Was dit: die werk is modern? Of: dit is volgens 'n Amerikaanse skool? Of: dit het drie, vier, vyf of ses vlakke? Of: daar is genoeg seksaas aan die hoek om lesersmassas te laat byt?

As ons aanvaar dat die naamlose keurder 'n huurling van die uitgewer was, en dat hy dus kontrakgebonde was om die geldbelange van sy baas bo die geestelike belange van sy nasie te verhef, dan ontstaan die verdere vraag: As hy 'n professor is, staan hy dan nie óók in diens van die volk nie? Hoe mag hy homself dan aan 'n tweede baas verhuur? Het een van ons juridiese regters homself ooit aan 'n tweede instansie uitgeleen? Mag 'n literêre regter wat die verskriklike mag het om geestelike doodvonnisse te vel en mense uit hulle eie moedertaal te verleen, homself dan onderverhuur?

As hy dit gedoen het, dan het hy homself mos bevind in die dilemma waarvan die Bybel sê: Niemand kan twee Here dien nie, want dan sal hy die een lief hê en die ander een haat. Niemand kan die letterkunde en óók die geldduiwel dien nie.

*Jouw donkere ogen  
steken geen vuur aan  
maar een gloed die lang nablijft.*

*Mie-Jeanne Moelaert*

*Kuns is nie die produk van 'n versteurde gees nie, maar van  
'n bewoë gees.*

*Hendrik Prins*

TWEE PROSAVERSE

BEDREIGING

Soms val 'n maanligstraal deur die klein gaatjie  
van my andersins gaatjielose gordyn.  
Dié straal verlig my klein menagerie  
van Deense speelgoed.  
Dan sien ek hoe hulle ogies kwaadwilliglik  
gloei; hoe hulle dreigend  
met viervingerige handjies beduie.

Maar my lessenaar staan met sy vier  
pote op die grond; my boeke in presiese  
rye op die vierkantige boekrak.  
Gerus draai ek op my ander sy.  
My klein menagerie van Deense  
speelgoed sal my — voorlopig in elk  
geval — geen kwaad aandoen nie.

DIE VERLORE SEUN

Die sameloop van omstandighede  
het dit vir my onmoontlik gemaak  
om langer in die beskawing te bly;  
gevolglik het ek besluit  
om die samelewing vaarwel toe te roep  
— gedetermineerd om hermiet te word . . .

Ek is hier weg  
toegerus met my lieflingsdigbundels  
kos klere en lesbes die bybel;  
dog na 'n paar dae was my mondvoorraad gedaan  
en die verlore seun is terug  
— agter die gemeste kalf aan . . .

En so is die profeet terug  
in die land wat hom nie eer nie  
en my maag het weer oor my hart geseëvier.  
(Ek voel so vrééslik stoïsyne.)

## ALLEENSPRAAK

Grensbewoner jy is die gyselaar  
van jou hondebaantjie en  
jou hongerloon.  
Jou jong hunkering na  
jubel en jolyt  
— kaalvoet kattekwaad  
in afgewaterde vore.  
Jy balsem jou seer siel  
met dawidsworteltjies  
en bundel dit in brosjurevorm  
wat jy in jou binnesak bêre.

## WIE SE TUIN HET EDEN?

My ewemense het almal  
in 'n grafkelder  
vergader.

Balans op steenbokkloutjies in die ruiggras  
tussen versteekte knope en valgate  
neusvleuels al bewend, „kompleet soos  
dominee se stem met  
die voorlaaste nagmaal' —  
ek het my attenties op hulle probeer afdwing  
deur die luik  
van die kaartjieskantoor  
skugter die aandag gevestig  
na doer waar die dadelpit  
drooggebak het in die dal.  
Met die laaste omsendbrief het  
'n kollektelys vir diksterthamels gekom  
— so ampertjies was die skilferkors  
vergruis op die marmarblad  
van die eerste gebod.

Met 'n „toemaar' aan myself  
stap ek met 'n stywe rug terug.



## 1967: DRIE ROMANS

## 1

Ek weet regtig nie of André Brink skuldig is of nie. Maar ek weet wel dat hy (dalk willens, dalk onwetens) met sy roman *Miskien nooit* die skrywer agter die boek, die mens agter die boek, in die kalklig loop druk het. By 'n snel en vlugtige lees maak die roman inderdaad die indruk van „ekkerigheid”, van 'n speelse, skuinse, sappige outobiografiese divertimento! Is dit wat André Brink wou? Ek weet nie. Ek weet bitter min van sy lewe en motiewe. Maar dit weet ek wel: *Miskien nooit* is 'n sterk en sinvolle roman, die beste uit die jaar 67.

*Miskien nooit* is nie slegs 'n „divertimento” nie, nie slegs 'n roman wat op vernuftige wyse die dilemma van die kunstenaar wat twee genres tegelykertyd probeer bespeel, probeer wees nie, want die roman beeld ook uit hoe elke Elkerlijk die ou mens moet afsterwe om te groei, om nuwe mens te word — en ook die risiko's wat die proses behels. Veral in die lig daarvan dat die „nuwe” nie bereik mag word nie, is dit 'n gevaarlike proses, en een van: *miskien nooit*.

Wat die roman soveel op 'n outobiografiese ontboeseming laat lyk, is die feit dat die verhaal deur die skrywer (André Brink self) vertel word, terwyl hy ook een van die hoofkarakters is. Ook ander elemente, soos die verwysing na sy vriende Yolande en Breytenbach, versterk die outobiografiese inslag. (Die wakker leser sal darem ook tog in gedagte hou dat die ervarings van die skrywer *verwerkings* van ervarings kan wees. En dalk louter fantasie!)

Die verteller verhaal sy ervaring met 'n meisie Gunhilde, en dui terselfdertyd aan dat hy hierdie verhaal liewers as 'n film vergestalt sou wou sien. Daarom, binne die verhaal, verwerk hy sekere aspekte sodat dit sou kon dien ook as draaiboek.

Die meisie bekoor hom aanvanklik fisiek maar al gou ontwikkel die verhouding tot 'n platoniese. Gunhilde staan nie koud teenoor die verteller nie, sy verlang net nie ook fisieke kontak nie. Gaandeweg word sy die simbool van die „onbereikbare”, 'n vae soort van „ideale vrou” wat elke man in sy binneste omdra.

Gunhilde bring hom in kontak met die „hippies” van die stad, persone waarin hy voorheen nooit belang gestel het nie. Vir hom is sy te skoon en suiwer om in die gemeenskap van dié skooiers te beweeg. Maar sy beweeg wel daar, sy beweeg deur die hele Parys.

En Parys word gaandeweg geassosieer met Hades, met die onderwêreld. Die assosiasie ontwikkel eers deur direkte verwysings na die onderwêreld, deur die verteller se vrese dat die

meisie deur iemand uit die onderwêreld ontvoer is wanneer hy haar in die stad „verloor”, en deur sy reis in die rirole van die stad. (Volgens die verteller sal die roman met die rioolreis moes begin; en in die onderaardse reis is die straatname van Parys op predikantjies ook in die rioolgange aangebring.) Dit is ’n voorbereiding vir die „hallusionêre hellevaart” wat volg.

Ten spyte van die verteller se waarskuwing dat ’n mens nie dieper simboliek en lae met betrekking tot die *granaat* moet gaan soek nie, is dit opmerklik dat hy ongewoon veel dié vrug laat saamgesels in die verhaal; en by nadere beskouing is die granaat juis een van die belangrikste sleutels tot die simboliese verband tussen Parys en die onderwêreld, en een van die belangrikste sleutels vir die verdere simboliek van die roman.

Gunhilde kom op ’n keer terug in die kamer van die verteller met ’n granaat wat sy van ’n Marokkaan ontvang het. Dit ontstel hom hewig; nie sonder rede nie. Die granaat is in die Griekse mitologie simbool van Persephone, die vrou van Pluto, koning van die onderwêreld. Persephone self, al is sy die dogter van Demeter, is simbool van vernietiging, én van die dood.

Maar die granaat is óók simbool van die sterfte van die Adonis, van Tammuz, van Dionysos, van Rimmon, en uiteindelik ook Jehova — aldus Robert Graves in *The White Goddess*. En uit die bloed van die gestorwene kom die granaat. Elders in die mitologie word die granaat ook beskou as die middel waardeur die godin Nana uit haar eie vrye wil bevrug geraak het. Die granaat is dus gelaai met simboliek van die dood én van herlewing. (Hierdie mitologiese patroon hou ook verband met die herlewingsgedagte in die Christelike geloof.) Bekyk ’n mens nou hierdie gegewens nader, dan lê die tema van *Miskien nooit* betreklik oop: deur afsterwe kan die „nuwe lewe” moontlik gemaak word. Dié proses is egter nie sonder risiko nie, dit is ’n waad deur die onderwêreld.

Die meisie, Gunhilde, staan ook vir meer as net die indiwiduele geval. In die „werklikheid” van die verteller se ervaring was sy een persoon, en in die draaiboek verander hy haar heeltemaal t.o.v. haar uiterlike. Hy maak eintlik van haar sy ideale vrou, en die voorbeeld is dan daar gestel hoe sy ook vir ander die „ideale vrou” kan word.

Ons het hier te doen met ’n simboliese, selfs allegoriese, roman. En nou is dit openbarend dat hierdie simboliek terugspeel op die menslike gees. Hierdie terugspeel is ’n patroon wat ons al aangetref het in die werk van die Sestigters, in besonder in *Die derde oog*.

Jung is die sielkundige wat hierdie besondere ontwikkeling van die menslike gees met veel oortuigingskrag uiteengesit het. Volgens Jung (en ek maak my nou skuldig aan oorvereenvoudiging) maak die menslike gees ’n proses van groei deur wat hy die proses van *individasie* noem. In elke mens is daar ’n geestelike element, wat Jung die *Self* noem, wat die mens

lei in die groeiproses tot balans van die psigiese. Dié *Self* kan in drome byvoorbeeld in menslike gedaante vergestalt word.

Moeilike etiese probleme kom in die man deur die *Self* dikwels na vore in die vorm van 'n vrou. Hierdie figuur, wat Jung die *anima* noem, simboliseer die vroulike elemente in die manlike gees (soos die neiging tot vae gevoelens, voorgevoelens, aangetrokkenheid tot die natuur, die vermoë tot liefdesuiting, ens.). Hierdie groei tot aanvaarding van die *vroulike* ontwikkel in vier stadia. Aanvanklik is dit die manlike aangetrokkenheid tot die fisieke van die vrou, soos dikwels gemanifesteer in die manlike belangstelling in die pornografiese; die volgende stadium soos gemanifesteer in die geïdealiseerde vrou en die platoniese liefde; dan die derde stadium soos by die Rooms-katoliek: die personifikasie van die maagd Maria (en by die Protestant miskien die liefde vir die kerk); en die vierde stadium die wysheid, soos gepersonifiseer soms as die Griekse godin, soms as 'n Mona Lisa.

In *Miskien nooit* het ons dan die ontwikkeling tot die tweede stap. Dit is 'n gevaarlike proses, 'n pelgrimstog deur die labirint van die menslike gees, 'n afdaal in die Hades van die onderbewuste, en 'n soektog waarvan die finale uitkoms nie voorspel kan word nie. 'n Uiteinde in die woorde van die titel van die roman: miskien nooit.

Laat ek dit duidelik stel dat ek nie hiermee enigsins die verhaal se betekenismoontlikhede uitput nie, en dat ek ook nie dink dat dit die enigste moontlike interpretasie is nie. Ek het byvoorbeeld nie geraak aan die skuldmotief nie: „niks is onskuldig nie.”

In hoeverre hierdie interessante intellektuele patroon verweef is met die verhaalgewe, in hoeverre dit esteties 'n bevredigende geheel vorm, daarvoor is die ruimte nou te eina. In die geheel dink ek is dit besonder goed, alhoewel daar ook elemente is wat nie bevredig nie. (Hoekom byvoorbeeld die Richard-Tania-verhouding?)

Daar is ook tegniese probleme wat die roman nie heeltemal oorkom het nie. Hoe ek ook al hou van die eksperiment met die twee moontlike media, die draaiboek en die roman, is die integrasie uiteindelik onvolledig en verwarrend, en teen die einde gaan die draaiboekaspek heeltemal verlore. Miskien is dit juis so bedoel: om te wys dat hierdie twee media mekaar nie kan verdra nie. (Maar dit is 'n alte negatiewe benadering!) Maar dan weer is daar ander tegniese aspekte wat pragtig sluit, soos byvoorbeeld die „ekkerigheid” van die roman en die poging tot objektivering wat 'n kenmerk is van juis die individuasieproses!

Ten slotte: 'n goeie „kort” roman met veel diepte; en 'n roman in die mineurtoon, soos Opperman op die flap dit stel, want dit gaan oor die afskeid wat deel is van die groei.

Etienne Leroux se roman *18-44* staan in die teken van 'n oer-oue mandala, die Oosterse Jin-Jang-teken wat geles kan word as 'n simbool van die huwelik van die teenoorgesteldes (conjunctio oppositorium), van ewewig tussen die rede en die emosie, 'n teken dus wat goed aansluit by die Jungiaanse sielkunde.

En as u nou sê: daar gaan hy alweer die sielkunde in!; hy sien die Jungiaanse sielkunde nou al nie net in Brink se werk nie, maar is reeds vóór die lees van Leroux se werk daarop ingestel, dan — dan is u byna reg. Ek is al werklik voorbereid om dit in die werk van Leroux raak te loop; ek wens al byna dat hy 'n andersoortige basis vir sy romans wil kies. Ek weet egter ook wel dat hierdie 'n *persoonlike* wens is, 'n vooroordeel — in 'n literêre gesprek nie ter sake nie.

*18-44* staan ook in die teken van die lerende roman. En anders as die kritikus, P. D. van der Walt, dit blykbaar wil, sien ek wel deeglik 'n plek vir die didaktiese roman in die geleedere van goeie en groot literatuur. Hierdie standpunt is wel binne die literatuur wetenskaplik verdedigbaar, maar dit sal moet wag tot 'n later geleentheid.

*18-44* is 'n „slim” titel: die roman is eintlik die vermanings van 'n 44-jarige prulskrywer aan 'n 18-jarige vroulike briefskryfster wat op hom verlief (?) is. Aan die einde van die verhaal word die meisie 19 en die man 45 — 1945, en 'n nuwe bedeling dus. Oppervlakkig gaan die roman oor die raad wat dié skrywer uit sy lewenservaring aan die meisie (probeer) oordra. In die proses vertel hy hoe hý opgegroeï het, hoe hy psigies steeds besig is om te ontwikkel — sodat die meisie sal besef dat sy maar net deur 'n ontwikkelingsstadium gaan, dat sy verby die verliefheid sal groei. Uit die korrespondensie o.a. leer die meisie dan sóveel dat sy later ophou om aan hom te skryf — soos hy voorspel het wel sou gebeur.

Maar bo en behalwe hierdie didaktiese boodskap is daar ook 'n meer subtiele en moeiliker tema: 'n uitbeelding van strydende magte in die mens; die poging van elke mens om 'n psigiese „heel” mens te wees; dié standpunt dat 'n mens bereid moet wees om afskeid te neem van die bekende dinge om die groeiproses te laat plaasvind (soos die prulskrywer self dit teen die einde van die werk stel: 'n „primordiale” verraad). En as ek nou reg verstaan dan bedoel hy met „primordiale verraad” dat die mens só saamgestel is dat hy gedwing is om die „ou mens” af te sterwe indien hy 'n nuwe fase in die groeiproses wil binnegaan. Dit is 'n *primordiale* verraad want groei impliseer sterfte; net wanneer 'n mens byvoorbeeld dink dat sake nou vas en seker is, dán kom noodgedwonge verandering. Van *altyd* af is daar dus verandering: niks is konstant nie.

Hierdie proses van groei word in 18-~~44~~ onderstreep o.a. deur die verwysing na die reis wat van die Ooste na die Weste onderneem moet word. Dit is 'n simboliese reis. Die lokomotief van die onderbewuste onderneem dié reis met 'n gedonder van voorwêreldlike mag. So 'n reis-onderneming is volgens die Jung-uitleg simbool van die mens wat helderheid soek in homself, wat poog om die donker van sy onderbewussyn tot helderheid te bring.

Voorafgaande interpretasie van die roman word deur baie ander sake in die verhaal ondersteun, o.a. deur die gebruik van die reeds-gemelde Jin-Jangsimbool. Hierdie simbool is in die vorm van 'n sirkel wat in twee dele verdeel word deur 'n S-lyne — soos dié op die tekening van die onderste gedeelte van die 8 op die flap. Volgens Jung is hierdie mandala die simboliese voorstelling van die menslike gees. Aan die een kant is die mens rasioneel, en aan die ander kant is daar die irrasionele. As die sirkel die menslike gees voorstel, dan is dié simbool 'n baie goeie voorbeeld van hoe die helftes van die psige deel van mekaar is, náás mekaar, maar ook verbind deur die slingerende verdeellyn. Daarom die betekenisvolle gebruik daarvan in die verhaal. Die meisie vra of die skrywer die teken ken, want soos hy elders sê, sy besit 'n ryper insig as wat hy op dieselfde ouderdom had, iets wat véer verby haar jare strek. „By wyse van antwoord op haar kosmiese gebaar, neem ek 'n lemmetjie en vlek my pols tussen die are oop sodat daar 'n paar druppels bloed op die brief val wat ek vir haar skryf.” Maar die bloed word swart, en dus 'n onvolmaakte kleur m.b.t. die Jin-Jangsimbool waar die swart en die rooi en ewewig behoort te bly.

Anders as in *Die derde oog* maak Leroux veel minder gebruik van mitologiese terugverwysings. Ook die simbole is in die algemeen nader aan ons eie tyd. So byvoorbeeld vra hy of sy *ma tante* (betekenisvolle titel vir die vrou wat hom groot gemaak het), of sy nie iemand soos Madame Blavatsky is nie. (Madame Blavatsky was naamlik die grondlegger van die teosofiese religieuse rigting, en van haar word verhaal dat sy wonders kon verrig, maar ook dat sy deur die British Society for Psychical Research as 'n „ingenious imposter” beskou is. Daarom vra die prulskrywer of sy tante nie „die grootste charlatan van alle tye” was nie, en of sy nie tog dalk „die kosmiese bron van hergeboorte” was nie.) Die roman hou hom dus besig met die hergeboorte soos versinnebeeld in die kontak met die vier vroue waarmee hy te doen kry.

Anders as Brink in *Miskien nooit* is Leroux nie besig om diepere betekenislae van die verhaal deur die karakters en hulle optrede te vergestalt nie, eerder laat hy beskouings en bespiegelingen binne die verhaal na vore tree, dikwels in die vorm van hardop-dink deur die prulskrywer. Nadat hy onder die hande van die Kosak se handlangers deurgeloop het, filosofeer hy bv.: „Die toelisers van ons tyd is baie beter as die toelisers van

vorige tydperke. Hulle weet wáár om te slaan." Of hy sit alleen in sy wit huisie en dink: „Ek sien graag die yswêreld as iets soos die oseaan: die Groot Onbewuste, die mikrokosmos en die makrokosmos, die manlike en die vroulike, die bodemlose poel van ys waar sy met die Alwetende Voorvader verenig sal word.”

Die prulskrywer sien homself ook as Mercurius, „die onsigbare versoener” wat nuwe lewe help wek deur sy versoenende optrede. Dit is ’n byna hiperbewuste bepaling van die plek en die funksie van die skrywer in die gemeenskap. Die prulskrywer is dus nie slegs betrokke by die vier dames wat deel van sy lewe geword het nie, hy is betrokke by die *hele stryd* in die mens om geestelike ewewig, en die vier vrouens is maar slegs (en onder andere) aspekte van die innerlike van die skrywer (en die mens).

Ek dink ’n mens kan met reg vra of dié soort van filosofer binne die ROMAN regverdigbaar is, of dit nie net maar ’n paradeer van kennis is nie. Die diepere peiling is meer opvallend in *18-44* as in die roman van Brink. By Brink vergestalt die „ek” sy dilemma, hier befilosofeer die „ek” sy dilemma. En tog, al is die Brink-gebruik vir die meeste mense die korrekte kan ’n mens nie sonder meer sê dat die Leroux-tegniek die mindere is nie. Daar is ook mense wat veel dáárvan hou. Maar ook dit nog: binne hierdie roman se aard, en binne die aard van die mens wat die hoofkarakter is, is die gefilosofeer heeltemal gemotiveerd.

Ook vir my is *18-44* minder in digtheid, al is dit meer in uitbeelding en makliker leesbaar as *Die derde oog*. Dit is nietemin ’n novelle (?) van gehalte, een van die heel bestes in Afrikaans.

### 3

Die jare Sestig, so lyk dit my, sal ook in die toekoms aangeteken staan as die deurbraak vir die religieuse roman. En die persoon wat hiervoor verantwoordelik is, is Berta Smit met haar *Die Vrou en die Bees* en *Een Plus Een*. Laasgenoemde roman is nie so dig van tekstuur soos eersgenoemde nie, maar in die geheel tog ’n helderder en geslaagder roman.

In teenstelling met die ander Sestigers soos Etienne Leroux is Berta Smit se mensbeelding veel voller. En tog is dit karakters wat neig na die allegoriese. Die dominee se naam is byvoorbeeld Karel de Witt, die een gestorwe jong man Thomas Coetzee. Daar is ’n Eli, ’n Lila en ’n Petrus. Soos die hoofkarakter self sê: „Name wat eers name was, word lewe, kry verband wat ek nooit eers vermoed het nie.”

Maar dit is tog ook geen allegoriese roman in die normale sin van die woord nie. Ek sou liewers wou praat van ’n simboliese roman wat plek-plek neig tot tegnieke wat binne die allegorie ook aangetref word.

Die roman verhaal eintlik die innerlike gewaarwordings van 'n nuwe predikant in 'n gemeente. Hy is ongetroud, moet hom nog aanpas by die gemeenskap, en is gepla met 'n groot vlek wat aan die een kant van sy gesig van sy oor tot in sy boordjie loop. Gaandeweg vind die leser dat die vlek simbool word van die skuld wat elke mens dra, die las van die menslike natuur wat elkeen besit. By die predikant neem dit nog groter afmetings aan. Die merk is besonder sensitief vir lig, en dus vir die son. Hy aarsel dus om hom daaraan bloot te stel, al moet hy binne die normale uitvoering van sy plig dikwels in die son beweeg. Gaandeweg word die vlek dan vir hom simbool van sy eie skuld, alhoewel die roman dit nie in soveel woorde sê nie. Die son is die lig van God wat hierdie predikant weer, want anders moet hy naak voor God staan, moet hy hom volledig oorgee aan die ekstase van die geloof.

Een van die magte wat die predikant dan ook in sy gemeente aantref, is ou-Koot, voormalig 'n dronklap, maar nadat hy 'n „gesig” ervaar het, is hy die sterk bekeerling, wat glo dat die kerk (en die nuwe predikant) dood is, en dat hy geroepe is om nuwe godsdienstige lewe in die gemeente te blaas. Aanvanklik is dit dan ook openbarend dat hy die een is wat die beproefde Bella kan besiel — alhoewel die aard van haar besieling wel lyk op 'n dwaling. Dit is hierdie besieling (of ekstase) van ou-Koot wat by die predikant ontbreek.

Die berusting, die insig, die balans, die ekstase, dié vind die predikant tog aan die einde. En ek dink dat die werk dan sê: aanvaarding dat 'n mens met jou smart deel is van God se bestel, dié bring weer die opregte geloof in die hart.

Opvallend is die fyn simboliese spel in die werk. So byvoorbeeld besit die dominee veertien swaarde. Die swaarde is, soos ek dit sien, o.a. simbool van die dood, van die straf, ook van die mag, die wapenrusting van die gesant van God. Maar die swaard is ook 'n nuttelose voorwerp as die twyfel in die hart kom lê, of as die mens se geloof onsuiver is, daarom wen die predikant se dienskneg, Petrus, hom in 'n swaardgeveg, en daarom neem hy ook die twee swaarde van die muur af in die studeerkamer. Eers later, as Karel de Witt sy balans gevind het, sy geloof weer opnuut sterk is, dan eers word die swaarde weer teen die muur gehang, want wat is die swaard werd sonder die vlam van die geloof en die vlam van die liefde?

Die mees opmerkbare en sterkste simbool in die roman is dié van die son. Die dominee is bang vir die son want die son laat sy vlek (skuld) groter lyk, opgehewe word, swel. Hy glo ook dat dit die son is wat hom aan sy nek gevat het — al wil hy nie die blaam vir sy toestand heeltemal aan die son wyt nie: „Freda, dis nie die son se skuld nie.” Hy weet egter dat die son oor alles lê, en hy vrees dat die son alles kon doodbrand. Ou-Koot, dié ( . . . ) dra die son soos 'n helm.” Hy, die

predikant, is melaats; die son reinig hom nie soos ou-Koot nie, die son gee hom nie die openbaring soos by die waters van Betesda nie, hy sien nie die engel wat kom om die waters te roer en wat genesing bring nie.

Die son is dus, so lyk dit my, simbool van die Almag van God. Terwyl die predikant nog bang is vir die openbaring, vir die aanvaarding van die son, wil hy hom terugtrek in die grot by die see, 'n grot wat die assosiasie van moord in gedagte roep, die grot wat ander mense laat gril. Maar uiteindelik sien die predikant die lig; uiteindelik aanvaar hy sy vlek, sy skuld, die skuld wat hy van sy vader oorgeneem het, want dié het ook so 'n neiging tot die vlek aan die gesig gehad.

Wanneer hy dan die vlek aanvaar as deel van sy las, as hy beseft dat ons almal ons siekte saam met ons dra, as hy weet „( . . . ) ek is deel van die vorm” dan kan hy die son verdra, dan is hy nie bang om die gemeente sy vlek in die son te laat sien nie. Hy weet:

*Rus my siel, jou God is koning  
orals voer Hy heerskappy . . .*

Dit is daarom dat die son so getipeer word: Met wrede, vriendelike vingers kom kleef dit aan sy klere en laat hom sweet. Die vlek van die dominee is dan aan die einde ook nie meer 'n afstootlike vlek nie. „Die dominee glimlag net effens met sy skewe, verinnuweerde gesig . . .”

Uiteindelik dan eindig die boek met oorwinning deur die dominee. Die Thomas wat hy begrawe het, so eindig die boek, dié se kis was besonder swaar, veel swaarder as die ligte mannetjie Thomas wat hulle begrawe het. Simbolies miskien van die twyfel van die dominee wat saam met die ongelowige Thomas weggebêre is.

Vir my lyk dit of hierdie werk taamlik goed sluit. Daar is wel dinge wat vir my nog nie helder is nie, en wat my selfs onrustig stem, soos die veelvuldige verskuiwing van verteller, van gesigspunt. Desnietemin is dit een van die sterkste godsdienstige romans in Afrikaans. En as sodanig dubbel welkom.

*Ik heb jouw gezicht in een film gezien.  
Ben jij een film?*

*Mie-Jeanne Moelaert*



## VANDISIEKLOK EN DIE VLOOI IN DIE BROEK

Ek hou van my letterkunde soos van 'n vlooi in 'n voorsitter se broek. Daar sit die man voor al die mense en

*dit kielie hier, dit kielie daar,  
dit kielie in sy kieliebak,  
dit kielie oral aanmekaar . . .*

en hy durf nie krap nie! Sy oë water van die pure lus om dit deeglik te doen, maar hy moet maar sit en uithou tot die verduur later self 'n soort lekkerkry word.

So 'n lekkerjeuk is iets om te ervaar en te waardeer. Die geweldige irritasie daarvan en die onmoontlike toets aan jou uithouvermoë is juis deel van die vreugde daarvan.

My geliefkoosde skrywer is nie 'n man sonder smette nie. Sy byt is nie net die pure lekkerkrap nie. Nee, hy irriteer en vererg jou en dwing sy bulte op jou af (of aan jou uit), en jy geniet dit omdat jy die salwende vermoede het dat die soort byte moontlik gesond kan wees. En later ervaar jy die afwesigheid van die byt as 'n loutere weldaad. Tot jy natuurlik weer die lus vir krap ontwikkel en jou geliefkoosde vlooi of sandklip opsoek.

Die voordeel van hierdie soort letterkundige genot lê daarin dat die individu self sy outeur uitkies en self besluit wanneer en hoe en waar hy gebyt wil word. Die ontdekking van 'n geliefkoosde outeur, met of sonder gebreke, is immers een van die groot momente in die jongmens se letterkundige ontwikkeling. En dit hoef nie altyd die belangrikste outeur te wees nie. Of een waaroor die groot koppe opgewonde raak nie. Nee, dit is 'n persónlike keuse en dit hoef teenoor geen betersweter verdedig te word nie.

Dis eintlik net die professionele kritici wat kamma nie voorkeure het nie. As jy so oninteressant is om 'n kritikus te word gee jy nie meer om deur wie en wat jy gebyt word nie. Die hele letterkunde is dan jou dieretuin en jy voer jou vir hulle tot heil van volk en vaderland se oningewyde lesers. En jy dwing jou kritiese mening op almal af: jy het mos nou die snuf in die neus om te onderskei tussen vars en vrot. Nie dat jy ooit hulp verskaf by die lê van die eiers of darem af en toe 'n semeltjie in die voerbak doen nie. Nee, jou taak is ruik en uitruik en kop afkap as dit lyk of daar iets skoons aan die broei is.

Die morele bewaker, die opvoeder, en die keurder ruik weer met die oog op moontlike besmetting. Hy is dan soos 'n soort mangel wat die gifstowwe afweer en opgaar dat dit nie die res van die liggaam bereik nie. Dié dat party later so giftig word!

Hoewel ek hulle dankbaar bly dat hulle namens my blootgestel word aan bloed- en klierkoors en al die buile wat mens deur boeke kan opdoen, en hoewel ek hulle weerstand bewonder waar hulle so pligsgetrou en gereeld al die giftige boeke lees sonder om eers verkoue te kry, lyk dit vir my 'n yslike hovaardige bedryf. Ek laat nie 'n ander man my sondes en laste dra nie, ook nie my smake en onsmake nie. En as ek 'n hartoorplanting nodig het sal ek nie so 'n gesteriliseerde een wil hê as dié wat hulleself kortkom nie. En om die hele lewe lank met wattetjies en handskoene gemuilband te loop stel my in gevaar as 'n kiem my die dag regtig beetkry. Mens moet tog weerstand opbou!

Met al die mangels, en filters, en muilbande, en karbolsepe om die vuilbekke mee skoon te was, lyk dit al vir my of die dae van die privaatvlooi vir ons lesers aan die verdwyn is. En nou het die algemene vlooi 'n grootbek bondgenoot gekry: die vandisieklok roep die afslaers en kopers van oral af nader, en die roepers gaan in die strate rond en die straatsmouse roep van die dakke af: hier is die hond met die regte soort vlooi! Wie nie deur L of S of D gebyt is, is hoegenaamd nie gebyt nie! En gebyt moet jy wees. Neem 'n trip! LSD, of marijuana, of seks, of vlooi 18, of 44, of die dowe ou in Parys s'n! Dis nou, of miskien nooit. Kry nou die bobaasbyt van alle byte.

Laat in die jaar, oujaarsaand, net voor die klokke lui, is daar 'n kort stilte. Jy tel een plus een bymekaar en kry nie meer twee nie. Jy dink aan vroeër die jaar se klein grys tellegrammetjie dat daar mooi dinge in ons letterkunde gebeur en saam met die omie wat die versoekprogram hanteer, wonder jy „where have all the small fleas gone?” Cabala is uitgedien. Skryf red nie meer die wêreld nie. Die wêreld red die skrywer.

As die klokke vir die nuwe jaar begin bons, besef jy jy is 'n buitestaander — buite die broek. Jy en jou smake het geen deel aan die vlooi pieknik nie en jou lekkerkrap laat mense skeef kyk. En jy kyk onder jou skoene en jy soek dit kat maar dan hoor jy weer klokke en jy weet dis vandisie.

Berta Smit en Botes en al die ander versweë skrywers moet maar 'n koöperasie stig en hulle eie sondagkoerant of dagblad of sensasiemaker uitgee. Kry 'n skinderstorie aan die gang. Mense, julle moenie stilsit nie! Ek sien 'n Nederlandse skrywer adverteer sy werkjie onder 'n gróót opskrif:

### EINDELIJK GEEN BESTSELLER!

En in Duitsland het Hans Habe vir die kritici 'n grammfoonplaat (LP) gestuur waarop hy met eie stem en klem verduidelik wat hy met die bestseller beoog. In die huis van 'n dowe sou so 'n plaat tegniese probleme oplewer, maar die meeste stilles by ons is darem nog vry van sulke mankemente. Maar dis verkeerd om stil te sit en te wag dat die kritici moet praat. Hulle swot nou almal Zen, en weet nie waar in die Bybel moet

hulle Berta Smit se simboliek naslaan nie! Miskien is hulle almal baie getrouer ondersteuners van die sensasiepers as wat hulle voorgee. En tussen Zen en nie weet nie swyg hulle om veilig te bly.

Nee, ek sê begrawe hulle onder 'n lawine propaganda-materiaal. Veral die wat nie hulle werk doen nie, omdat hulle takties eers die kat uit die boom wil kyk. Dat iemand die diertjie êrens anatomies beet het, het ons reeds van Schoonees verneem, maar dat die kat hom nou met bome besighou, gee my tog hond se gedagtes. (En met *boom* bedoel ek nie dagga of bodem nie maar BOOM, wat deur Van Dale omskryf word as 'n „grote vraag naar een artikel”, of as 'n „plotselingen stijgen der koersen”. Maar hiervan weet André Brink waarskynlik meer as Van Dale. Ek wou nog by hom gaan kers opsteek maar hy sit al weer af na die buiteland wat my die opwindendste opsiggedagte gee: as ons letterkundige lig weg is, kan ons stillettjies maar die kat in die donker knyp, boom of te not.)

Ek wil die lot van die talle versweë Afrikaanse boeke bekla. Ek wil die son- en dagblaaie verkla en aankla: as hulle in die Afrikaanse letterkunde net sensasie en lawaai kan vind, is dit beter dat hulle swyg. Die publiek is oningelig genoeg. Sensasie-aanhalings buite die konteks wen wel lesers, maar kondisioneer hulle ook om net sekere dinge van sommige skrywers te verwag. Die onskuldigste verwysing word dan besmet met agterdog. Die sensasieberigte is 'n doelbewuste misleiding van die leserspubliek, 'n uiters onverskillige houding teenoor ons letterkunde as geheel, en bewys uiteindelik aan die skrywers en die lesers geen guns nie. As verkope vir uitgewers hoofsaak geword het, verbaas dit mens nie as jy verneem dat sekere groot uitgewers eenvoudig opgehou het om letterkundige werke te publiseer. Wat moet van ons letterkunde word? En wat van die volk wat graag kultuurvolk genoem wil word? Die handjievul lesers van ernstige werke word so oordonder deur die sensasiepers dat dit haas onmoontlik is om 'n boek van die betrokke skrywers nog onbevangte te lees en te geniet.

Ek sal hieroor kla want ek wil my eie letterkundige vlooië volgens my keuse in my broek aanhou. Ek wil nie deur wie ookal allerlei vreemde bytgoete in die pype gedwing word nie. Dan het ek lus en gee hulle my houtbeen!

## BOEKBESPREKING

Holm, dr. E.: *Duister Kuns*. pp. 116, 28 ill.; Eie Ed. E.H., Hartbeespoort, 1967 (R3).

Eers betreklik onlangs is besef dat skilderye uit die Renaissance tydperk dikwels meer bevat as net 'n blote weergawe van feite. Selfs in die realisties en oënskynlik nugtere noordelike skole is dit die geval. Navorsing op hierdie gebied staan egter nog in sy kinderskoene. Dr. Holm trag om in 'n sestal hoofstukke, (elk ook in 'n aparte boekvorm oor Bruegel, Bosch, Giorgione, Dürer, Grünewald en Rafael) hierdie duisterheid te verlig. Hy stel hom ten doel om dit te probeer doen sonder veel wetenskaplike apparaat, maar meer uit persoonlike benadering.

Die vyf landskappe van Bruegel waarvan een moontlik ontbreek, sou elkeen twee maande voorstel. Die skrywer bring hulle egter in verband met die planete. Hiervan was toentertyd ook slegs vyf bekend: Mercurius, Venus, Mars, Jupiter en Saturnus. Hy hou rekening met die invloed op die mens wat aan elke planeet toegeskryf is, met die tekens van die diereriem en allerlei oorlewerings. Maar hy waarsku dat sy teorie net op hierdie vyf werke van toepassing is.

In Jeroen Bosch se beroemde „Tuin van die Onkuisheid“ (Madrid) merk dr. Holm 'n kombinasie op van teologiese en alchemistiese voorstellings. Daar is ook die uitbeelding van die vier natuurelemente, vuur, water, lug en aarde, en die rol van die eier as simbool. 'n Ou alchemistiese diagram word op die skildery toegepas.

By Giorgione, reeds altyd 'n bron vir uitleggings, sien dr. Holm, na toepassing van teorieë van die alchemie, orakelkuns, misterie en filosofie, 'n soek na die Christuskind en 'n kringloop van die menslike bestaan met eerbied vir lewensbronne.

Drie bekende prente van Dürer, die „Ruiter“, „Melangolie“ en „St. Jeroen“, beskou hy as simbool vir moed kennis en geloof. In Grünewald se beroemde Isenheimer-altaar sien hy 'n weerspieëling van die heilige heelkuns. Die werk het 'n mediese rol vervul en is 'n simbool vir uiterlike en innerlike reiniging van die mens. Tenslotte bepaal de skrywer dat Rafael se beroemde skilderinge „Skool van Athene“ en „Parnassus“, in die Stanza della Segnatura (Vatikaan) die uitbeelding is van wysbegeerte en digkuns en hy maak toeskrywings aan elke figuur wat daarop voorkom.

Dit blyk dat dr. Holm ongetwyfeld besonder wyd belese is en goed op hoogte is van ou handskrifte sowel as van die moderne toonaangewende kunshistoriese werke. Met uitsondering van Raefael, is aan elke hoofstuk 'n boekelys toegevoeg wat tot op datum bygewerk is.

Deurdadig dat die skrywer suiwer sy eie opvatting gee, moet die leser vir homself bepaal of hy daarmee saamstem of nie.

Persoonlik vind ek die laaste drie hoofstukke, veral dié oor Dürer en Grünewald, verdiensteliker as die eerste drie. Inderdaad erken die skrywer van die begin af dat sy opvatting allermens deurslaggewend hoef te wees. Daar is ook ander moontlikhede. As vaste grond het ons die feit dat baie skilderye se inhoud om 'n uitleg vra.

Dr. Holm dwing ons om goed te kyk en hy beskik oor baie kennis van die agtergrond en die omstandighede waaronder 'n kunswerk tot stand gekom het. Hy wys ook tereg daarop dat die werke nooit bedoel was vir die gestrengte museum-atmosfeer waarin ons vandag met hulle kennis maak nie.

Ondanks die ingewikkelde teorieë bly die taalgebruik betreklik eenvoudig en duidelik. In Afrikaans gee ek persoonlik voorkeur aan die woord *gewelf* bo *verwulf*.

Wie hom aangetrokke voel tot subjektiewe en soms half mistieke oplossings van kunsprobleme kan in hierdie studies baie stof tot nadenke vind. Van die kunshistoriese metode, soos Panofsky dit stel, wyk dit egter wel sterk af.

## SKYFIES

### *Windpompe op ons letterkundige boorgat*

Die windpompe wat deesdae darem poseer as verskaffers van die Afrikaanse literêre water aan sommige nuwerwetse tydskrifte bring eintlik meer wind as water boontoe. Die fout kan by die boorgat lê maar as die pomp sonder suier en stang staan en maal, kan geen hoeveelheid water dit iets anders as 'n wind-pomp maak nie — kontrapuntal gesproke.

### *Letterkundige prys*

Noudat die sport- en spiermanne die eer aangedoen word om hulle toekenning vir sport uit die hand van die Staatspresident te ontvang en aangesien die Afrikaanse staatsmanne nie meer soos in pres. Reitz se dae poësie skryf nie kan die staat moontlik begin dink daaraan om 'n staatsprys vir letterkunde toe te ken en om dit ook deur die Staatspresident te laat oorhandig. Ek meen daar is mos nou geen gevaar dat hy die prys aan homself moet oorhandig nie!

### *Ghries en olie*

Intussen kry ons beste Afrikaanse skrywers darem die nodige smeergoedjies al kom dit nou ook uit 'n Engelse blikkie. Hulle het jou in Engeland gemaak ou blikkie, om hier in ons land . . . Laat ons nou nie morbied word nie. Die C.N.A.-prys is reeds ses keer toegeken: Hier volg die lys: 1961 Chris Barnard (Bekende Onrus); 1962 N. P. van Wyk Louw (Tristia); 1963 D. J. Opperman (Dolosse); 1964 Etienne Leroux (Een vir Azazel); 1965 André P. Brink (Olé); 1966 Henriette Grové (Jaarringe).

### Trein teen ossewa

„ . . . en als meester so voor enige minute gepraat het en op die end 'n paar mooie Afrikaanse gediggies oor die ossewa resiteer, het die ou mense trane in hul oë gekry en jy kon maar sien, die trein het nie 'n kans nie, en als hy klaar is, begin daar 'n handegeklap, soos daar nog nooit in die ou skool gehoor is nie.” So het J. Lub in 1918 geskrywe oor 'n debatsaand in 'n boeregemeenskap.

Nou in 1968 hoor jy die mense kla: Ons skrywers skryf nie meer vir die volk nie. Wat het van ons skrywers geword? En die skrywers kla: Wat het van ons volkie geword dat die boere nie meer gedigte hoor en ken nie?

OU GRIETJIE

### BOEKE ONTVANG

#### AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL, JOHANNESBURG

De Jager, C. E. (Samest.): Trap vir Trap, Grondbeginsels en Teorie van Musiek .....	—
HAUM	
Berna, Paul: Die Jong Miljoenêrs (Van Zyl, Ia vert.) .....	R1.50
HUMAN & ROUSSEAU (EDMS.) BPK, KAAPSTAD	
Leroux, Etienne: 18-44 .....	R1.75
Breytenbach, Breyten: Die huis van die dowe .....	R2.50
Schoeman, Karel: 'n Lug vol helder wolke .....	R1.65
Lopez, José Rodriguez: Die Afrikaanse Konsertgids .....	R5.25
NASIONALE BOEKHANDEL, KAAPSTAD	
Blightaut, Audrey: Die Plesierboom .....	R1.55
JOHN MALHERBE	
Aucamp, Hennie: Spitsuur .....	R1.65
TAFELBERG-UITGEWERS, KAAPSTAD	
Friedlander, Zeld: (Edited by) Until the heart changes (A Garland for Olive Schreiner) .....	R2.50
Nortje, P. H.: Nuut onder die son (Sketse uit die lewe van 'n gesin) .....	R1.50
Postma, Minnie: Die vrygesel van Lowergroen .....	R1.65
Schoeman, Karel e.a.: Son op die land (Sketse en vertelling) .....	—
Tonder, Morkel van: Die Koningsbok .....	—
VOORTREKKERSPERS, JOHANNESBURG	
Behrens, Louise (oorvertel deur): ROELAND ridder van Karel die Grote .....	R1.20
Boshoff, P. H.: Duikavonture .....	R1.90
Griffith, Bridget: Die verhaal van 'n vlieër .....	90
Hattingh, Fanie: Dodedans sonder 'n mooi deuntjie .....	R1.40
De Jager, L. C.: Griekse Legendes .....	R1.20
Olivier, C.: Vossie en Silwie .....	90
Swanepoel, E.: Avontuur op Vyeboomskloof .....	R1.20
ANDER	
Vantina Neer: Uren der getijden, Die Poorte, Antwerpen 1967 .....	—
Coetzee, Abel, e.a. (saamgestel deur): Tiperegister van die Afrikaanse Volksverhaal .....	—

Gedruk deur T. W. Hayne Beperk (Hayne en Gibson), Doornfontein, Johannesburg









**M**et sorg en geduld lei hy die kind die lewe in. Aan die jong bewussyn skenk hy kennis, denke, begrip. Met sy volwassenheid bied hy 'n beeld van hoe 'n seun 'n man word. Hierdie selfde helder denke pas hy op sy geldsake toe.

*Dink ons miskien dat ons hom en ander soos hy met lewensversekering kan vervang?*

*Nee.*

*Maar die sekuriteit van sy eie kinders se opvoeding kan ons verseker.*

*En dit doen ons.*

**SANLAM**  
-lewensversekering  
dien deur beskerming



*Mr. B. Calitz, skoolhoof van Kimberley, bespreek sy lewensversekering met mr. B. J. Visser, 'n wyksbestuurder van Sanlam, Kimberley.*

